

*William
Shakespeare*

Die
Winter-
sprokkie

MAIN
PR
2839
SHA

vertaal deur Eitemal

William Shakespeare

DIE WINTERSPROKIE

Vertaling deur W. J. du P. Erlank

Tafelberg-Uitgewers

Tafelberg-Uitgewers Beperk,
Waalstraat 28, Kaapstad.
Kopiereg © 1975 Tafelberg-Uitgewers
Alle regte voorbehou
ISBN 0 624 00626 3



101381549

WITS UNIVERSITY LIBRARY



BD108197



Aan
Quintie en Ria

Karakters in die spel

Leontes, koning van Sicilië

Mamillius, jong prins van Sicilië

Camillo

Antigonus

Cleomenes

Dion

} vier edelmanne van Sicilië

Polixenes, koning van Boheme

Florisel, prins van Boheme

Archidamus, 'n edelman van Boheme

Ou skaapherder, sogenaamd vader van Perdita

Sy seun

Autolycus, 'n landloper en sakkeroller

'n Seeman

'n Sipier

Hermione, koningin, vrou van Leontes

Perdita, dogter van Leontes en Hermione

Paulina, vrou van Antigonus

Emilia, 'n hofdame

Mopsa

Dorcas

} twee herderinne

Ander edelmanne en here, dames, offisiere, en bediendes

Skaapherders en herderinne

Vader Tyd met koor

EERSTE BEDRYF

Eerste Toneel

Sicilië. 'n Lang galery in die paleis van Leontes, met deure aan weerskante; stoele, tafels, ens.

Camillo en Archidamus op.

ARCHIDAMUS. As u toevallig Boheme besoek op die soort sending, wat my nou hierheen bring, sal u, soos ek gesê het, Camillo, groot verskille sien tussen ons Boheme en u land, Sicilië.

CAMILLO. Ek dink die koning van Sicilië is van plan om hierdie somer aan die koning van Boheme die besoek te bring, wat hy na reg hom skuld.

ARCHIDAMUS. As daarby ons onthaal bietjie afsteek, sal ons liefde die tekort vergoed; want, inderdaad . . .

CAMILLO. Asseblief . . .

ARCHIDAMUS. Ek praat sowaar in vryheid en met kennis van sake: Ons kan nie met soveel praal . . . op so 'n buitengewone . . . ek weet nie wat ek moet sê nie . . . Ons sal u slaapdrankies gee, sodat u sintuie, onbewus van ons tekortkomings, ons nie beskuldig nie, hoewel hulle ons ook nie kan prys nie.

CAMILLO. U skat veels te hoog wat in liefde aan u gegee word.

ARCHIDAMUS. Glo my, ek praat soos my verstand my leer, en soos my eerlikheid dit onder woorde bring.

CAMILLO. Die koning van Sicilië kan nooit té vriendelik wees teenoor die koning van Boheme nie. Hulle is saam opgevoed as kinders; en tussen hulle het so 'n liefde wortel geskiet, dat dit nou moet bot en blom. Sedert hul ryper waardighede en koningspligte hulle van mekaar geskei het, het hulle die gemis aan persoonlike verkeer vergoed met die uitwisseling van geskenke, briewe en liefdevolle gesantskappe – sodat dit gelyk het of hulle saam is, hoewel geskeie, asof hulle hand skud oor 'n wye ruimte, en uit teenoorgestelde windstreke mekaar omhels. Mag die hemel hulle vriendskap laat voortduur.

ARCHIDAMUS. Ek dink nie daar bestaan boosaardigheid of enigiets, wat dit sou kan verander nie . . . U het onsegbaar veel vreugde aan u jong prins Mamillius; hy is die mees belowende jonheer wat ek ooit teëgekome het.

CAMILLO. Ek deel volkome u verwagtings omtrent hom; hy is 'n dapper kind, iemand wat sy volk laat sterk voel en óú harte weer verjong. Die wat op krukke was voor sy geboorte, wil nou graag verder leef om hom as man te sien.

ARCHIDAMUS. Sou hulle anders tevrede gewees het om te sterf?

CAMILLO. Ja, as daar geen ander rede was waarom hulle graag wou leef nie.

ARCHIDAMUS. As die koning geen seun had nie, sou hulle wens om op krukke te leef tot hy een kry.

Hulle beweeg buite gehoorsafstand.

Tweede Toneel

Leontes, Hermione, Mamillius, Polixenes, Camillo en volgelingen op; Leontes, Hermione en Polixenes gaan sit, Mamillius speel met speelgoed.

POLIXENES. Die herders het al nege keer die maan

Sien wissel sedert ek my troon verlaat het.

Al sou my dank net soveel tyd beslaan,

Dan bly ek nog vir alle ewigheid

U skuldenaar. Dus plaas ek net my nul

In 'n ryk posisie en vermenigvuldig

My 'dankie' met die duisend 'dankies' wat

voorafgegaan het.

LEONTES. Hou u dank voorlopig

En spreek dit uit as u vertrek.

POLIXENES. Dis môre.

Ek voel bekommerd oor wat by toeval kan

Gebeur of groei uit my afwesigheid.

O, mag daar tuis geen snerpende winde waai

Wat hierdie vrees bevestig! Buitendien

Het my verblyf u reeds ooreis.

LEONTES. Nee, broer,

Ek is taaier as u toets.

POLIXENES. Ek bly niks langer.

LEONTES. Net een week langer.

POLIXENES. Nee, nee, môre seker.

LEONTES. Laat ons die tydsverskil verdeel; hierin

Kan ek geen ,nee' aanvaar nie.

POLIXENES. Moenie my
So druk nie. Géén tong, ja, geen tong op aarde
Kan my gouer oorreed nie. So ook nou,
As u versoek so dringend was, hoewel
Ek noodgedwonge weier. My belange
Sleep my nou huiswaarts. As u my verhinder,
Word dit vir my 'n straf; maar bly ek langer,
Word ek 'n las. Kom ons vermy altwee:
Vaarwel, my broer.

LEONTES. Ons koningin so stom?
Praat tog!

HERMIONE. Ek dag dat ek sou swyg, tot hy
U onder eed beloof om te vertrek.
U aanpak is te koud. Sê hom, u weet
In Boheme gaan dit goed; die blye nuus
Het ons gister ontvang. Sê dit vir hom,
Dan breek u sy verweer.

LEONTES. Dis mooi, my vrou.

HERMIONE. As hy na sy seun verlang, dis 'n sterk rede,
Maar laat hom dit dan sê en laat hom gaan;
As hy boonop nog sweer, mag hy nie bly nie.
Want ons sal hom met spinrokke huis toe dryf.
Leen ons u koninklike aanwesigheid –
Ek waag dit – nog 'n week. As u my heer
Neem na Boheme, gee ek hom verlof
Om een maand langer as die tyd, bepaal
Vir sy vertrek, te bly. Sowaar, Leontes,
My liefde vir jou verloor geen klok se tik
Op dié wat elke vrou voel vir haar man nie.
U bly tog?

POLIXENES. Nee, Mevrouw.

HERMIONE. Nee, maar, u moet.

POLIXENES. Ek mag dit nie, sowaar.

HERMIONE. U sê ,sowaar'!

U wys my af met ligte ede; maar,
Al sou u sterre uit die firmament
Lossweer, sê ek nog: „Heer, u bly.” Sowaar
U sal hier bly. 'n Dame se ,sowaar'

Is net so magtig as 'n heer s'n. Gaan
U nog? Dwing my om u as prisonier
En nie as gas te hou nie, dan kan u
By u vertrek – geen dank! – losies betaal.
Wat sê u? Prisonier of gas? U term,
,Sowaar', maak u nou een van beide.

POLIXENES. Dan
Word ek u gas, Mevrouw, want prisonier
Wees wys op 'n vergryp wat ek so min
Kan doen as wat ú dit kan bestraf.

HERMIONE. Dus nie
Sipier nie, maar u liewe gasvrou. Ek
Sal u ondervra oor u en my man se streke
As seuns, twee mooi meneertjies.

POLIXENES. Dit wás ons,
Mooi Koningin, twee seuns wat vas geglo het
Hul gisters, môres, alles is vandag,
En hulle die ewige jeug.

HERMIONE. Maar was my man
Nie die onnutsigste van julle twee nie?

POLIXENES. Ons was twee lammers wat in die son gespeel
En vriendelik saam geblêr het. Ons het net
Onskuld vir onskuld uitgeruil. Ons het
Nog niks geweet van euwel, nooit gedroom
Mens kan dit ook bedryf nie. As ons dié lewe
Gevolg het, en driftiger bloed nie ons jong gees
Oorweldig het, sou ons voor die Regterstoel
Onskuldig kon gepleit het, erflike sonde
Natuurlik daargelaat.

HERMIONE. Maar daaruit volg
U't sedertdien gestruikel.

POLIXENES. Dierbare vrou,
Versoekings het daarna ons agtervolg.
Voor my onskuld was my vrou nog 'n meisie,
U heerlijkheid het nog nie voor my maat
Se oë verbygeloop nie.

HERMIONE. Grote genadel!
Weerhou tog u slotsom, of anders sê
U dalk u koningin en ek is duiwels.

Die sondes wat ons u geleer het, sal
Ons ook verantwoord, mits u eerste met ons
Gesondig het, en verder net met ons,
En nooit geval het anders as met ons.

LEONTES. Is hy oorreed?

HERMIONE. Hy bly.

LEONTES. Hy't my geweier.

Hermione, my liefste, jy't nog nooit
So goed gepraat nie.

HERMIONE. Nooit?

LEONTES. Behalwe eenkeer.

HERMIONE. Wat! Twee maal goed gepraat? Wanneer tevore?

O, sê my, voer my soos 'n mak dier vet
Met lof. Een goeie daad wat roemloos sterf,
Vermoor 'n duisend wat daaruit sou groei.
Ons lof is ook ons loon. Met 'n sagte soen
Ry u ons miljoene meter ver, voor ons
By spoorslag honderd tree sal jaag. Ter sake:
My laaste goeie daad: Ek 't hom oorreed.
Wat was my eerste? Sy't 'n ouer suster,
As 'k u verstaan. Ek wens haar naam was Grasiel!
Ek het tevore eenkeer goed gepraat?
Wanneer? Nee, asseblief!

LEONTES. Dit was dié tyd

Toe drie goor maande my tot d' dood versuur het,
Voor jy jou wit hand wou oopmaak, dat ek
Jou d' handslag van die liefde gee. Maar toe
Het jy gefluister: „Ek is vir altyd joue.”

HERMIONE. Dis grasiel, inderdaad. U sien dus nou,

Ek 't twee keer met my praat my doel getref:
Een keer 'n koninklike man verwerf;
Die tweede keer 'n vriend.

Sy reik haar hand aan Polixenes.

LEONTES. (*Tersy.*) Te warm, te warm!

Te vurige vriendelikheid verhit die bloed.
My hele liggaam beef, my hart galop,
Maar nie van vreugde nie: die gasvryheid
Kan 'n vrye voorkoms hê, en selfs vriendskap
Uitbuit, ook gulheid en warmhartigheid,

Tot voordeel van die gasvrou. Dit erken ek.
Maar handjie-handjie speel, die vingergestreel
Van hulle twee, die bestudeerde glimlag
Soos voor 'n spieël; en dan die sugte soos
Geklaag van jaghorings by 'n sterwende hert.
Dis gasvryheid wat hart en voorhoof stug
Verdra. Mamillius, is jy my seun?

MAMILLIUS: O ja, my liewe vader.

LEONTES. Waaragtig waar.

Ja, jy's my grootman. Wat! Met 'n vuil neus?
Hulle sê dit lyk soos myne. Kom, ou kêrel,
Ons moet skoon wees; nie skoon nie, nee, maar suiwer.
Die bul, die vers, die kalf is horingdiere,
Maar is tog suiwer. Nog die vingerspel*
Op sy handpalm as spinet! My speelse kalfie!
Is jy my kalfie?

MAMILLIUS. Ja, Vader, as u will

LEONTES. Jy moet 'n kroeshaarkop en horings dra
Om voluit soos Pa te lyk. Tog sê hulle ons
Is eenders soos twee eiers. Vrouens sê dit;
Ag, hul sê enigiets. Maar as hulle vals is,
Soos oorswart rou, soos wind, soos water, vals
Soos die begeerde dobbelsteen van hom
Wat tussen myn en dyn geen grens wil trek nie,
Dan sê ek nog die seun lyk net soos ek.
Kom, seun, kyk met jou blou ogies na my.
Jou lieflike vabond! Dierbare stuk van my!
Is't moontlik dat jou moeder? . . . Sou't kan wees? . . .
O, wellus, jy dring deur tot in die siel,
Jy maak dat die onmoontlike moontlik word,
Soek in die droom vervulling . . . Kan dit wees?
Jy werk aktief saam met d'onwerklikheid,
Vriend van die nie-bestaande. Denkbaar dus
Dat jy by die bestaande aansluit; dit
Doen jy ver buite die grense van wat mag,
Soos ek ondervind . . . Dit maak my brein besmet,
My voorhoof horinghard.

*Verwysing na Polixenes en Hermione.

POLIXENES.

Maar wat bedoel

Die koning?

HERMIONE. Bietjie ontsteld.

POLIXENES.

En toe, my heer?

Hoe is't, hoe gaan't met u, my liewe broer?

HERMIONE. U voorhoof lyk belaaï met sorg en kommer.

Is u vererg oor iets?

LEONTES.

Nee, eerlik nie.

Hoe die natuur sy dwaasheid soms verraai,

Sy teerheid, en homself tot speelbal maak

Van harder harte! Wyl ek kyk na my seun

Se gesig, rol drie en twintig jare van

My af, ek staan weer in my eerste broek,

My baadjie groen ferweel, my dolk genuilband

Dat hy nie sy baas kan byt nie, soos gewaagde

Versierings doen. Toe dag ek by myself:

Hoe sterk lyk jy op hierdie knop, dié loot,

Die jongheer . . . My suiwer vriendjie, sê,

Sal jy ooit knolle vir sitroene aanvaar?

MAMILLIUS. Nee, Vader, ek sal veg.

LEONTES.

Jy sal? O mag

Jou lot as man gelukkig wees! My broer,

Is jy so lief vir jou jong prins, as ons

Skynbaar vir ons s'n?

POLIXENES.

As ons tuis is, heer,

Is hy al my ontspanning, werk en vreugde,

Geswore vriendjie nou, dan weer my vyand,

My howeling, soldaat, my staatsman, alles.

Hy maak 'n Juliedag kort soos Desember;

En met sy vinnige kinderpret verdryf

Hy gedagtes wat my bloed sou kan laat skif.

LEONTES. Dit is die amp van dié meneer by my.

Ons twee gaan wandel, heer, en laat jou vry

Vir ernstiger sake. Hermione,

Toon in jou welkom aan my broer jou liefde

Vir my. Bied hom die beste van ons land.

Ná jou en my klein vabondjie is hy

Die naaste aan my hart.

HERMIONE.

As jy ons soek,

Is ons in die tuin; sal ons daar vir jou wag?
LEONTES. Doen wat jul hart begeer; ek sal julle vind,
As julle op aarde is. (*Tersy.*)

Ek hengel nou,
Maar julle sien nie hoe'k my hoek uitgooi nie.
Vooruit! Vooruit!
Hoe sy haar bekkie uithou vir 'n soen,
So selfversekerd soos 'n vrou teenoor
'n Man wat alles toelaat!

Polixenes, Hermione en gevolg af.

Nou's hulle weg.

Reeds enkel-, knie-diep, kop en ore, ek,
'n Horingdraer. Seun, gaan speel; jou moeder
En ek speel ook, so 'n skandelijke rol
Wat my sal uitjou graf toe. Minagting,
Rumoer, dit is my doodsklok. Seun, gaan speel.
Bedroë mans was daar, ek weet, altyd,
En daar is menige man, nou, wyl ek praat,
Wat sy vrou omhels, en glad nie weet dat sy
Met ope sluis hul buurman, meneer Glimlag,
In sý dam vis laat vang het. Dis 'n troos
Dat ander mans se hekke ook teen hul wil
Geopen word, soos myne. As elke man,
Van wie die vrou ontrou word, sou gaan wanhoop,
Dan sal een tiende van die menseras
Hulleself ophang. Daarvoor is geen genesing.
Dit is 'n vieslike gesternte
Wat tref waar hy oorheers. Weet dit, hy's magtig
In oos, wes, noord, en suid. Dus is daar geen
Verskansing voor 'n vrou se buik nie. Glo my,
Sy laat die vyand in- en uitgaan sak
En pak. Daar's duisende van ons wat dié
Probleem het en nie weet nie. Nou, my seun?

MAMILLIUS. Hulle sé ek lyk soos u.

LEONTES. Wel, dis 'n troos.

Is't jy, Camillo?

CAMILLO. Ja, my goeie heer.

LEONTES. Gaan speel, Mamillius, my suiwer ventjie.

Mamillius af.

Camillo, daardie groot heer bly nou langer.
CAMILLO. U't swaar gesukkel om sy ankers te
Laat hou, maar hulle het losgeruk.

LEONTES. Jy't dit
Gemerck?

CAMILLO. Hy't u versoek geweier, sy
Staatsake was belangriker.

LEONTES. Ook dit
Het jy gesien?

(*Tersy.*)

Die mense om my heen
Begryp dit reeds en fluister orals rond:
„Die koning van Sicilië dit en dát . . .”
Dis ver heen as oplaas ook ek dit merk.
Hoe't dit gekom, Camillo, dat hy besluit
Het om te bly!

CAMILLO. Op ons goeie koningin
Se aandrang.

LEONTES. Net ,koningin se' . . . ,Goed' pas nie, hoewel
Dit moet. Het iemand anders dit begryp
Behalwe jou skerpsinnige verstand?
Jou brein suig alles op, bevat meer as
Gewone houtkoppe. Dis net gemerk
Deur fyner geeste? Enkele mense met
'n Skerp verstand? Die laer range is
In dié soort saak stokblind . . . Of hoe?

CAMILLO. Soort saak, my heer? Ek dink die meeste verstaan
Dat die koning van Boheme langer bly.

LEONTES. Hoe sê?

CAMILLO. Hy bly hier langer.

LEONTES. Ja, maar waarom?

CAMILLO. Hy wou U Hoogheid en ons minsame
Vorstin se wens bevredig.

LEONTES. Wou bevredig?

Die wense van jou meesteres? Bevredig?
Genoeg. Camillo, ek het jou vertrou
Met al die dinge naaste aan my hart,
Selfs staatsgeheime. Jy het soos 'n priester
My hart gesuiwer, ek het as bekeerde

En vol berou vertrek. Maar ek het my
In jou regskaapenheid vergis, bedrieg
Deur blote skyn.

CAMILLO. Die hemel bewaar my, heer!

LEONTES. Om voort te gaan: Jy is nie eerlik nie,
Of, as jy eerlik is, 'n lafaard wat
Die eerlikheid se dyspier agter sny
En in sy werk verlam. Of anders moet
Ek jou as 'n vertroude dienaar sien
Wat net sy plig versuim het; òf as gek
Wat tuis 'n spel sien speel, die hoë inset,
En dit beskou as 'n grap.

CAMILLO. Genadige Heer,
Ek mag nalatig, dwaas, lafhartig wees;
Geen mens is ooit van hierdie foute vry nie,
Want sy versuim, sy dwaasheid of sy vrees
Kan in die eindelose wêreldgewoel
Tog kop uitsteek. As in u diens, my heer,
Ek ooit my pligte doelbewus versaak het,
Was dit my dwaasheid. Maar as ek moedswillig
Die gek gespeel het, nie gevolge goed
Bereken het, was dit nalatigheid.
As ek ooit bang was om 'n ding te doen,
Omdat ek daarvoor twyfel, en die volvoering
Met luider stem skreeu teen my daadloosheid,
Was dit 'n vrees wat die wysstes soms oorval.
Maar dis toelaatbare swakhede, waarvan
Selfs eerlikheid nooit vry is nie. Nou smee ek
U Hoogheid, praat reguit, noem my vergryp
Dat ek dit voor my sien. As 'k dán ontken,
Is't niks van my nie.

LEONTES. Camillo, het jy nie
Gesien nie? (Dis onmoontlik, want jou oog
Sou 'n dikker vlies moet hê as 'n horingdraer
Se hoof.) Ook niks gehoor nie? (So 'n spektakel
Sit almal aan die praat.) Ook niks gedink nie?
(Hoe kan denkkrag ooit anders dink as dat
My vrou losbandig is?) As jy erken –
Of anders onbeskaamd ontken dat jy

Selfs oë, ore en gedagte het –
Verklaar my vrou tot hoer, wat 'n naam verdien
So vuil soos die kombuismeid wat gaan lê
Voor sy gekerk is. Sê dit en bewys dit!

CAMILLO. Ek sou geen bystander wil wees en hoor
Hoe my vorstin beswadder word, en nie
Onmiddellik dit wreek nie. O, vervloek,
U't nog nooit iets gesê wat u so min
Betaam. Herhaling daarvan sou so vuil
Wees soos haar sonde as dit waarheid was.

LEONTES. Is die gefluister niks? Die druk van wang
Teen wang? Die neus vryf met mekaar? Die soen
Met binnelippe? Die lag in volle gang
Met 'n sug verbreek, die onmiskenbare teken
Van deug wat wankel? Die voetjie-voetjie speel?
Wegkruip in hoeke? Wens dat die klok moet aanstoot,
Dat ure minute word, en middag nag?
Dat katarakte alle oë verblind,
Behalwe hulle s'n om ongesien
Te sondig? Is dit niks? Dan is die wêreld
En al wat hom bewoon, ook niks; die wyd
Oorkoepelende hemel niks, Boheme
Is niks, my vrou is niks, en al die nikse
Is propvol niks, as dít niks is.

CAMILLO. My heer,
U moet genees word van die siek gedagtes,
En ook betyds, want dis gevaarlik.

LEONTES. Sê
Dis waar.

CAMILLO. Nee, nee, my heer.

LEONTES. Dit is, jy lieg.
Ek sê, jy lieg, Camillo, en ek haat jou,
'n Lompe lummel, gedagtelose slaaf,
Miskien 'n weifelende huigelaar
Wat met jou oë goed en kwaad aanskou,
En albei aanhang. As my vrou se lewer
Besmet was soos haar lewe, sou sy nooit
Een uur kon lewe nie.

CAMILLO. Wie't haar besmet?

LEONTES. Wel, hy wat haar as medaljon dra om

Sy nek, die koning van Boheme, wat . . .
As ek óm my bediendes had met oë
Wat in my eer hul eie voordeel sien,
Hul eie welvaart, sou hulle wel iets doen
Wat daar 'n stok voor steek. En ja, ook jy,
Sy skenker wat ek van die agterbank
'n Sitplek vóór gegee het, jy kan sien,
So goed soos hemel aarde, aarde hemel
Kan sien, hoe ek verneder is; jy kan
Vir my vyand 'n gekruide beker skink
Wat hom met 'n oogknip sou laat afskeid neem.
Die gifdrank sou vir my 'n verkwikking wees.

CAMILLO. My heer, ek kan dit doen, selfs sonder sterk

Vergif, met 'n drank wat traag sy kragte sloop,
Nie met geweld soos gif nie. Maar ek kan
Nooit glo dat my groot meesteres geval het,
Sy wat so koninklik en eerbaar is.
Ek het u lief . . .

LEONTES. Betwyfel dit en vrek!

Dink jy ek is so dom, en so verward,
Dat ek self ergernis gaan soek; dat ek
Die blanke suiwerheid van my bed besoedel,
Wat, skoon, so heerlik slaap, maar, vuil, 'n bed
Van dorings, netels, perdebyangels word;
Dat ek die prins, my seun, se bloed bevlek,
Die seun wat 'k liefhet want ek weet hy's myne;
Sou 'k sonder die sterkste rede dit kan doen?
Kan 'n mens so dwaal?

CAMILLO. My heer, ek moet u glo.

Ek sal d' Boheemse koning laat verdwyn,
Op voorwaarde dat, as hy weg is, u
U koningin soos vroeër sal aanvaar,
Nie net ter wille van u seun nie, maar
Om skinderpraat se mond te snoer aan howe
En ryke wat u ken as bondgenoot.

LEONTES. Jou raad aan my dui net die koers aan wat

Ek vir myself gekies het. Ek sal op
Haar eer geen skandvlek ooit laat val nie, niks.

CAMILLO. Gaan heen, en toon aan die koning van Boheme
En aan u koningin 'n aangesig,
So opgeruimd soos vriendskap op 'n fees.
Ek is sy skenker, en as hy van my
'n Heilsame drankie kry, beskou my nie
Meer as u dienaar nie.

LEONTES. Dis afgespreek.
Doen dit, en 'k gee jou die helfte van my hart;
Doen jy dit nie, sny jy jou hart in twee.

CAMILLO. Ek sal, my heer.

LEONTES. En ek sal vriendelik wees,
Soos jy my aangeraai het.
Af.

CAMILLO. Arme dame!
Maar wat is my posisie? Ek moet gif meng
Vir die goeie Polixenes, bloot om die rede
Dat ek my meester moet gehoorsaam, een
Wat in sy opstand teen homself verlang
Dat al sy mense so moet wees. Doen ek
Die daad, word ek bevorder. As ek vind
Dat duisende wat koningsmoord gepleeg het,
Daarna floreer, sou ek dit nog nie doen nie.
Maar daar nòg brons, nòg steen, nòg perkament
Eén voorbeeld noem, moet selfs die skurkery
Dit afsweer. Ek moet die hof verlaat. Of ek
Dit doen of nie, my kop sal waai. Ek bid
Dat my gelukster my sal lei. Hier kom
Die koning van Boheme.

Polixenes op.

POLIXENES. Dit is vreemd;
Dit lyk of my gewildheid hier begin
Afneem. Moet ek nie praat nie? Goiedag,
Camillo.

CAMILLO. Heil, my Koninklike Heer!

POLIXENES. Wat is die nuus aan die hof?

CAMILLO. Heer, niks besonders.

POLIXENES. Die koning het so 'n gelaat op sy gesig,
Asof hy 'n provinsie verloor het, een,
Wat hy so lief het as homself. Nou pas,

Toe ek hom teëkom en vriendelik groet,
Het hy sy oë weggedraai, sy lip
Minagtend opgekrul, en haastig weg
Geloop, maar my gelaat met die probleem:
Broei daar dalk iets, dat hy só sy gedrag
Verander?

CAMILLO. Dít durf ek nie weet nie, heer.

POLIXENES. U durf nie? Weet u en durf u dit nie sê nie?

Praat met my duid'lik. So is't ongeveer:
U kan tog nie sê dat u wat u weet
Nie aan uself durf sê nie. Goeie Camillo,
U veranderde uitdrukking is 'n glas
Wat ook verandering in my weerspieël.
Ek moet in die omkeer betrokke wees
As ek dit waarneem in myself.

CAMILLO. Daar is
'n Siekte wat sommige besmet; ek kan
Die kwaal nie noem nie, maar dit kom van u,
Hoewel u self gesond is.

POLIXENES. Kom van my?
U meen tog nie ek kyk soos 'n basilisk nie!
Ek het na duisende gekyk, my oog
Was hulle tot seën, en niemand is daarvan dood nie . . .
Vriend, u is beslis 'n edelman, daarby
Ontwikkeld, iets wat die adel net so sier
As edele name van ons voorgeslagte,
Van wie ons die adellike titel erf.
As u iets weet, waarvan ek kennis behoort
Te neem, moet u my nie onkundig laat
Deur't dood te swyg.

CAMILLO. Ek mag nie antwoord nie.

POLIXENES. 'n Siekte wat kom van my? En ek gesond?

Ek eis 'n antwoord. Hoor u my, Camillo?
Ek bid u by al die pligte wat die eer
'n Man oplê, en waarvan hierdie versoek
Van my geensins die minste is nie, sê
Of u iets weet van dreigende gevaar
Wat my besluip, hoe digby of hoe ver,
Hoe ek, as't moontlik is, dit kan ontwyk,

Of anders, hoe 'k dit beste kan verduur.

CAMILLO. Heer, ek sal u vertel, omdat 'n man van eer

My op my eer besweer om dit te doen.

Luister dus na my raad, wat net so vinnig

Moet opgevolg word as wat ek dit spreek,

Of u en ek is klaar, en, goeienag!

POLIXENES. Gaan voort, Camillo.

CAMILLO. Ek is aangewys

Om u te vermoor.

POLIXENES. Deur wie?

CAMILLO. Die koning.

POLIXENES. Waarom?

CAMILLO. Hy dink, o, nee, hy sweer beslis, asof

Hy dit gesien het of u daartoe gedwing het,

Dat u sy vrou op 'n verbode plek

Betas het.

POLIXENES. Mag my beste bloed stol tot

'n Sieklike drilsel, as dit waar is, mag

My naam gekoppel word met hom wat ons

Heiland verraai het! Mag my suiwer naam

'n Stank in die stompste neus laat styg,

Waar ek ook kom, mag my aanwesigheid

Verafsku, nee, gehaat word, erger as

Die ergste pestilensie waarvan ons

Gehoor het of geles het.

CAMILLO. Ag, besweer

Sy waan by elke ster in die hemel se

Geheime kragte; u kan net sowel

Die see verbied om die maan se wil te volg,

As met 'n eed of met 'n argument

Die bouwerk van sy dwaasheid ondermyn;

Dit steun op vooroordele wat sal leef

So lank as sy liggaam leef.

POLIXENES. En wat gebeur

Nou verder?

CAMILLO. Nee, ek weet nie; maar ek weet

Dis veiliger vir u om te vermy

Wat is, as na te gaan hoe dit ontstaan het.

Indien u dus die eerlikheid vertrou,

Bevat in hierdie liggaam, wat u trouens
As waarborg mee sal neem, vlug weg vannag!
Ek sal u volgelinge dit toefluister
En by verskillende poortjies twee of drie
Tesame wegkry uit die stad. Ek self
Stel nou my toekoms in u hand; deur my
Onthulling is hier vir my geen toekoms meer.
U kan my glo, ek sweer by my twee ouers
Se nagedagtenis dat ek waarheid praat.
Wil u dit toets, dan moet ek al's ontken.
En u sal ook niks veiliger wees as een
Wat die koning self veroordeel het, oor wie
Hy onder eed die doodstraf uitgespreek het.

POLIXENES. Ek glo u. Ek het sy hart gesien in sy
Gesig. Gee my u hand, wees u my leidsman,
U plek sal altyd digby myne wees.
My skepe lê gereed; my mense het my
Vertrek van hier twee dae gelede reeds
Verwag. Sy jaloesie geld 'n persoon,
Verruklik mooi. Hoe mooier sy, hoe sterker
Sy jaloesie. Omdat hy magtig is,
Word dit ook magtiger. Omdat hy dink
Dat hy verneder is deur 'n man wat steeds
Sy vriend was, moet daardeur sy wraaklus ook
Veel feller wees. Die angs oorskadu my.
Ek hoop my haastige vertrek sal slaag,
En rus bring vir die minsame koningin
Om wie dit gaan, hoewel sy niks van sy
Argwaan verdien het nie. Kom dan, Camillo,
Ek sal jou liefhê soos 'n vader as jy
My lewe red. Kom, heer, kom, laat ons gaan.

CAMILLO. Kragtens my amp kan ek beskik oor al
Die sleutels van die poorte. Kom, my heer,
Dit is nou dringend tyd, laat ons vertrek.

Af.

TWEEDE BEDRYF

Eerste Toneel

Hermione, Mamillius en hofdames op.

HERMIONE. Neem jy by jou die seun, hy pla my so,
Dis onuithoubaar.

EERSTE DAME. Kom, my liewe Prins,
Mag ek jou speelmaat wees?

MAMILLIUS. Nee, niks van u nie.

EERSTE DAME. Waarom nie, liewe Prins?

MAMILLIUS. U sal my hand soen en dan praat met my
Asof ek nog 'n baba is. Ek hou
Veel meer van u.

TWEEDE DAME. Waarom van my?

MAMILLIUS. Nie juis

Omdat u wenkbroue swarter is, hoewel
Hul sê dat dit party vrouens beter pas,
Mits daar nie té veel hare is nie, net
'n Bogie of 'n halfmaan met 'n pen
Geteken.

TWEEDE DAME. Wie het jou dit alles geleer?

MAMILLIUS. Ek 't dit geleer van vrouens se gesigte.

Sê my, wat is die kleur van u wenkbroue?

EERSTE DAME. Dis blou, my heer.

MAMILLIUS. Nee, dis 'n grap. Ek het
'n Blou neus by 'n dame gesien, maar nooit
Blou wenkbroue nie.

EERSTE DAME. Hoor hier, die koningin,
Jou moeder, word nou ál hoe ronder, ons
Sal binnekort aan 'n mooi jong prins aandag
Moet gee; dan sal jy graag met ons wil speel
As ons dit toelaat.

TWEEDE DAME. Sy het swaar geword
Die laaste tyd. Mag dit tog goed afloop!

HERMIONE. Nou, wat vir slimmighede is dit hier?
Kom, Seun, ek is weer by julle, kom, gaan sit,
Vertel vir ons 'n storie.

MAMILLIUS. Snaaks of treurig?

HERMIONE. So grappig soos jy wil.

MAMILLIUS. 'n Treurige verhaal pas by die winter.

Ek ken so een van spoke en kabouters.

HERMIONE. Laat ons dit hoor, my liewe seun. Kom nou,

Kom sit, probeer jou beste om my bang

Te maak met al jou spoke. Dit doen jy

So goed.

MAMILLIUS. Daar was 'n man . . .

HERMIONE. Nee, kom eers sit;

Vertel nou.

MAMILLIUS. Hy't by die kerkhof gewoon.

Ek sal so saggies praat; die krieke daar

Mag my nie hoor nie.

HERMIONE. Fluister in my oor.

Leontes, Antigonus, edelliede en volgelinge op.

LEONTES. Het sy mense hom daar ontmoet? Camillo by hom?

'N EDELMAN. Net agter die dennebos 't ek hulle ontmoet,

En nog nooit mense so sien jaag nie, ek

Het hulle agterna gekyk tot by hul skepe.

LEONTES. Hoe geseën is ek in my

Veroordeling en in my helder insig!

As ek maar minder wis! Hoe word my seën

Vir my 'n vloek! Daar kon 'n spinnekop

Gewees het in jou beker, en jy drink,

Vertrek, en merk niks van die gif nie, want

Jou gees is nie vergiftig nie. Maar as

Hul jou die walglike ding sou wys en sê

Dat jy daarvan gedrink het, dan skeur jy

Jou keelgat en jou sye soos jy braak.

Ek het gedrink, die spinnekop gesien.

Camillo was sy hulp, die koppelaar.

Dis 'n komplot teen my en teen my kroon;

Al ons argwaan is nou bewys. Die skurk

Was in my diens, maar vooraf omgekoop.

Hy het my plan verraai en ek sit in

Die knyp, 'n pop wat hulle mee kan speel.

Hoe is dit dat die poorte dan so maklik

Kon oopgemaak word?

'N EDELMAN. Op sy groot gesag,
Wat hy so dikwels reeds op u bevel
Laat geld het.

LEONTES. Ja, ek weet dit al te goed.
Gee my die seun; ek is so bly jy het
Hom nie gesoog nie. Hy het baie trekke
Gemeen met my, maar daar's te veel van jou
Bloed in sy are.

HERMIONE. Wat? Is dit 'n grappie?

LEONTES. Neem weg die seun, hy mag nie by haar wees nie,
Weg, neem hom weg, en laat haar met die vrug
Wat in haar buik groei, speel. Polixenes
Het jou laat uitswel.
Mamillius af met hofdame.

HERMIONE. Ek kan net ontken;
En ek kan sweer u sal my woord aanvaar,
Al sou u anders wil.

LEONTES. U, here, kyk,
Kyk goed na haar, en maak klaar om te sê:
„Sy's 'n mooi vrou.” In alle eerlikheid
Sal u dan daarby voeg: „So jammer dat
Sy nie ook kuis en eerbaar is nie.” Prys
Haar uiterlike voorkoms, wat sowaar
Die hoogste lof verdien, en dadelik volg
'n Skouerophaling, ja, maar dit en dat,
Die skimperigheid wat laster soms gebruik.
Ag nee, ek klets; genade doen dit, laster
Sou selfs die deug verskroei. Die optrek van
'n Skouer, die ja-maar-sus, die ja-maar-so,
Kom tussen ‚sy is mooi’ en ‚sy is eerbaar’.
Maar weet dit nou van iemand wat dit diep
Betreur: Sy's 'n oorspelige vrou.

HERMIONE. As ooit
'n Skurk, die wêreld se mees volmaakte skurk,
Dit sê, word hy daardeur 'n groter skurk.
U, Heer, maak net 'n fout.

LEONTES. U fout, Mevrou,
Verwar Leontes met Polixenes.
Jou skepsell! Ek mag jou in jou posisie

Nie by jou regte naam noem nie, uit vrees
Dat die gepeupel op my voorbeeld ook
Dieselfde taal gebruik vir elke stand,
En nie meer, soos dit hoort, verskil maak tussen
Die prins en bedelaar nie. Ek het gesê
Sy't owerspel gepleeg, en ook met wie.
Meer, sy is 'n verraaister, en Camillo,
Haar handlanger, wis alles wat sy self
Haar bloedig oor sou skaam om dit te weet,
Behalwe by haar vuile deelgenoot.
Hy wis dat sy ontrou is, net so sleg
Soos dié aan wie ons laer klasse ook
Die vuilste name gee. Ja, sy was selfs
Aan hul ontvlugting medepligtig.

HERMIONE. Nee,
Ek sweer dat 'k medepligtig was aan niks.
Dit sal u berou, as u tot helderheid
Gekom het, dat u my tot skande maak.
My man, dit sal vir my skaars eerherstel
Wees, as u sê: „Ek het 'n fout gemaak.”

LEONTES. As ek fout maak in hierdie gronde waarop
Ek bou, is hierdie aarde ver te klein
Vir 'n kind se tol om op te draai. Weg, neem
Haar tronk toe! Hy wat haar sou wil verdedig,
Is daardeur medeskuldig.

HERMIONE. Daar's 'n bose
Gesternte wat regeer. Maar ek sal met
Geduld wag tot die hemel vriend'liker
Van voorkoms is. My goeie here, ek
Huil nie so maklik soos ons vrouens nie,
En by gebrek aan ydele tranedou
Sal ook u meegevoel opdroog. Maar daar
Leef hier in my 'n eerbare smart, wat veel
Meer brand as trane kan verswelg. My here,
Ek smeeek u, mag genadigheid oor u
Gedagtes heers, wanneer u my beoordeel.
Laat nou die koning se wil geskied.

LEONTES. Word ek
Gehoorsaam?

HERMIONE. Wie gaan nou met my mee? Ek smeeK U Hoogheid,
Laat tog my dames meegaan; soos u sien,
Vereis my toestand dit? Hou op met huil,
My liewe dwase, dis nie nodig nie.
As julle weet dat jul meesteres tronkstraf
Verdien, huil dan wanneer sy vrygelaat word.
Wat ek nou ondergaan, is loutering vir
My siel. Vaarwel, my man. Ek wou u nooit
Bedroef gesien het nie. Maar nou, vrees ek,
Ek sal. My dames, kom, u het verlot.

LEONTES. Gaan doen wat ek beveel.

Koningin onder bewaking af met hofdames.

'N EDELMAN. Ek bid u, heer, roep t'rug die koningin.

ANTIGONUS. Dink goed oor wat u doen, heer, of u reg
Word dalk geweld waaronder grotes ly –
U self, u koningin, u seun.

'N EDELMAN. Vir haar,
My heer, durf ek my lewe waag,
En, as u dit aanvaar, dit stel as borg
Dat voor die oë van die hemel ons
Vorstin ook smetloos is, soos teenoor u . . .
Ek meen, die saak waarvan u haar beskuldig.

ANTIGONUS. En as sy skuldig blyk, sluit ek my vrou
Op in my stal, en bly aan haar gekoppel,
Vertrou haar net as ek haar sien en voel,
Want elke duimbreed vrouevleis in dié
Ou wêreld, elke ons gewig is vals,
As sý vals is.

LEONTES. Bly stil.

'N EDELMAN. Nou goed, my heer . . .

ANTIGONUS. Ons praat vir u alleen, nie vir onself nie.
U is bedrieg, en deur 'n opstoker wat
Vervloek sal wees. As ek die skurk kon kry,
Sal ek hom vrek slaan. Sý nie vlekloos nie?
Ek het drie dogters, die oudste is elf,
Die tweede en die derde nege en vyf.
As dít waar is, sal hulle dit ontgeld.
So op my woord, ek sal hul laat ontvrou
Nog vóór hulle veertien is, dat hulle geen

En die intieme verkeer van daardie twee,
Wat so opvallend was dat aan suspisie
En sekerheid net sien en glo ontbreek het –
Want alle omstandighede het daardie daad
Bevestig – moes ek vinnig handel. Maar,
Om sekerheid nog dubbel te verseker –
Voortvarendheid is in 'n saak van groot
Gewig noodlottig – het ek inderhaas
Na Delfos, Apollo se gewyde tempel,
Twee buitengewoon betroubare manne gestuur,
Twee wat u ken, Cleomenes en Dion.
Hulle sal d' orakelspreuk en waarheid bring,
Sodat ek aangespoor word of betuel
Deur godd'like advies. Het 'k reg gehandel?
'N EDELMAN. U het reg gehandel, heer.

LEONTES. Hoewel 'k tevrede is, en niks meer wil
As wat ek weet nie, sal d' orakel tog
Aan ander rus verskaf, aan hom byvoorbeeld,
Wat deur sy domme liggelowigheid
Die waarheid nie durf glo nie. Dus het ek
Dit goed gedink dat sy sal opgesluit
Word, weg van my af, want ek is bevrees
Dat sy die twee gevlugtes se verraad
Sou kan voltrek. Kom volg my nou, ek moet
Die volk toespreek, want hierdie besigheid
Sal hulle ontroer.

ANTIGONUS. (*Tersy.*)

Tot skaterlag ontroer,
As d'hele waarheid eers bekend is.

Tweede Toneel

Paulina, 'n heer, en gevolg op.

PAULINA. Loop roep d' sipier van hierdie tronk en sê
Hom wie ek is. O edele vrou, geen hof
In gans Europa is goed genoeg vir u nie;
Wat doen u in 'n tronk?

Die sipier kom binne.

My liewe heer,

U ken my tog?

SIPIER. Ja, as 'n edele dame

Vir wie'k die hoogste eerbied het.

PAULINA. Gelei

My dan, ek smeeek u, na die koningin.

SIPIER. Ek mag nie, dit is streng verbied.

PAULINA. Verbeel joul

Aan suiwerheid en eerbaarheid besoek
Deur liewe vriende te verbied! Sê my,
Mag ek haar dames sien? Of een van hulle?
Emilia?

SIPIER. Wees dan so goed, mevrou,
En stuur weg u gevolg, en dan sal ek
Emilia hier bring.

PAULINA. Roep haar, asseblief.

(Tot haar gevolg.)

Sal julle elders wag.

SIPIER. Mevrou, ja, ek

Moet by u tweegesprek teenwoordig wees.

PAULINA. Ja, tog, in goedheidsnaam.

(Sipier af.)

Al die gedoente om wat smetloos rein
Is te besmet, is 'n gemors met verf.

Sipier op met Emilia.

My liewe vrou, vertel, hoe gaan dit met
Ons dierbare koningin?

EMILIA. So goed, soos een,

So groot en so verlore, kan verduur.

Deur ang en smart – geen fyngebore vrou

Het meer deurstaan – is ietwat vóór haar tyd

'n Kind gebore.

PAULINA. 'n Seun?

EMILIA. 'n Dogtertjie,

Fris en gesond, 'n troos vir d' koningin.

Sy sê: „My arme prisoniertjie, ek

Is so onskuldig as jy.”

PAULINA. Dit kan ek sweer.

Die vlae van waansin by die koning is
Gevaarlik en 'n vloek. Hy moet, hy sal
Dit weet. 'n Taak vir 'n vrou! Ek sal dit doen.
As my mond heuningsoet praat, laat my tong
Verbrand en nooit weer as trompetter rooi
My woede proklameer nie. Emilia, gee
My beste groete aan die koningin.
As sy die baba aan my durf toevertrou,
Sal ek dit aan die koning wys, en sterk
Haar saak bepleit. Ons weet nooit hoe sy hart
Mag week word by die sien van hierdie kind nie.
Die swygzaamheid van suiwer onskuld spreek
Soms sterk, waar woorde faal.

EMILIA. My edele dame,
U waardigheid, u goedheid word so hoog
Geskat, dat u vrywillige poging sal
Moet slaag. Daar leef geen dame meer geskik
Vir dié groot opdrag. Sal U Hoogheid so
Goed wees en in die kamer langsaan wag,
Wyl ek u edele aanbod voorlê aan
Die koningin. Sy self het nog vandag
Met erns nagedink oor so 'n plan,
Maar wou nie waag om 'n hoë amptenaar
te vra nie, want sy vrees dat hy mag weier.

PAULINA. Emilia, sê haar ek sal my tong
Gebruik. Indien dit soveel wysheid spreek
As my hart dapperheid, dan weet ek seker
Dat ek sal slaag.

EMILIA. Mag dit u seën bring!
Ek gaan na d' koningin, kom bietjie nader.

SIPIER. Mevrouw, as d' koningin instem, weet ek
Nie wat ek waag as ek dit toelaat nie,
Ek het geen volmag.

PAULINA. U hoef niks te vrees nie.
Die kind was die gevangene van haar skoot,
En is deur groot natuur se wettige
Verloop verlos, bevry en ingeburger.
Sy het geen deel aan d' koning se woede, òf
Die koningin se skuld, as dit bestaan nie.

SIPIER. Dit glo ek.

PAULINA. Vrees niks, want ek beloof u op my eer
Dat ek tussen u en alle gevaar sal staan.

Albei af.

Derde Toneel

'n Galery in die paleis soos tevore. Leontes loop heen en weer, alleen.

LEONTES. Geen rus oordag, oornag! Dis swak van my
Om so te reageer, net swakheid. As
Die oorsaak reeds verdwyn het . . . Één deel van
Die oorsaak, sy, die egbreekster . . . Maar hy,
Die koninklike egverbreker, het
Ontsnap, hy's buite die kolskoot van my wraak,
Skotvry. Maar haar kan ek vashaak. As sy
Maar weg was, selfs deur vuur verteer, sou ek
Een helfte van my rus herwin.

Bediende op.

Wie's daar?

BEDIENDE. My heer!

LEONTES. Hoe gaan dit met die seun?

BEDIENDE. Hy't goed

Geslaap. Ons hoop die siekte is verby.

LEONTES. O, wat 'n fyngevoelige kind!

Toe hy hoor van sy moeder se vergryp,
Het hy agteruitgegaan, dit diep betreur,
Asof hy aan sy lyf die skande voel.

Sy lewenslus, sy eetlus, slaap was weg,
En hy het doodgewoon gekwyn. Verlaat
My nou, kyk hoe dit met hom gaan.

Bediende af.

Nee, foei,

Vergeet Polixenes, want die gedagte
Aan wraak teen hom keer teen myself terug.
Hy is deur sy partye en bondgenote
Te magtig; laat hom wag totdat die tyd
My beter pas. Onmiddellike wraak

Tref haar. Camillo en Polixenes
Die lag vir my; my smart is hulle vreugde.
Hulle sou nie lag as ek hulle kon bereik nie,
Nog sý wat in my mag is.

*Paulina op met baba in haar arms. Ook Antigonus,
edelmanne en bediendes wat haar probeer keer.*

EDELMAN. U mag nie
Na binne gaan nie.

PAULINA. Liewe here, steun
My liewers. Is u vir sy wrede woede
Banger as vir die koningin se dood?
'n Suiwer, liefderyke wese sy,
Met onskuld groter as sy jaloesie.

ANTIGONUS. Dis nou genoeg.

BEDIENDE. Mevrouw, hy't nooit vannag
Geslaap nie, hy 't beveel dat niemand hom
Mag steur nie.

PAULINA. Kalm, wees nou kalm, meneer!
Ek bring wat hom sal sus. Dis julle soort
Wat net soos skimme om hom kruip, saamsug
As hy onnodig sug – dis julle soort
Wat d' bronaar van sy slapeloosheid voed.
Ek kom met woorde wat so heilsaam is
As wat hulle waar is; dit sal hom bevry
Van waan wat sy slaap verdrywe.

LEONTES. Wat lawaai
Julle daar?

PAULINA. Dis geen lawaai, my heer; dit is
Maar net noodsaaklike samesprekings oor
Die peetouers vir u kind.

LEONTES. Wat nou! Neem weg
Hierdie brutale vrou! Antigonus,
Ek 't jou beveel om haar weg te hou van my,
Ek wis sy sou probeer.

ANTIGONUS. My heer, ek het
Haar met my woede en u straf bedreig
As sy u durf besoek.

LEONTES. Wat? Jy 't geen mag
Oor haar?

PAULINA. In alle eerbare sake, ja!
Maar hierin – tensy hy wil handel net
Soos u, en deur opsluiting my afsluit
Van d'eerbare daad – hierin het hy geen mag
Oor my nie.

ANTIGONUS. Hoor u dit? As sy die stang
Vasbyt, los ek die teuels, omdat ek weet
Sy struikel nooit.

PAULINA. My Edele Vors, ek kom . . .
Ek smeeek u, hoor my, ek getuig ek is
U troue dienaar, u geneesheer, ook
U toegewyde raadsman, maar omdat
Ek waag om u foute af te keur, lyk dit
Of ek veel verder van u staan as al
U skyn-getroues . . . Ek kom, sê ek, van
U goeie koningin.

LEONTES. Het u gesê
,My goeie koningin'?

PAULINA. Ja, heer, u goeie, goeie koningin.
Dit sou ek in 'n tweeveeg bewys
Al was ek in u ryk die swakste man.

LEONTES. Smyt uit!

PAULINA. Laat hom wat graag sy oë waag,
My aanraak. Ek sal self gaan, maar nog eers
My boodskap bring. U goeie koningin –
Sy's goed, ons weet – het hierdie dogter aan u
Geskenk.

Sy lê die kind voor die koning neer.

Hier is dit; gee dit nou u seën.

LEONTES. Gooi uit die helkat-heks, uit, buite die deur!
Deurtrapte koppelaarster!

PAULINA. Nee, nie dit nie;
Ek is in daardie dinge net so dom
As u beskuldiging, my eerbaarheid
Niks minder as u waansin. Dít, soos ons
Die wêreld ken, is heeltemal genoeg.

LEONTES. Verraaiers! Gooi julle haar nie uit nie? Gee
Die baster aan haar t'rug, jou sufferd! Jy,
Ou boetson-haan, jou skrophen het jou van

Jou slaapstok afgestoot. Tel op die baster,
Tel op, sê ek, en gee dit aan die heks.

PAULINA. Mag oneer ewig op jou hande rus,
As jy onder daardie lae naam, wat hy
Op haar afdruk, die prinses durf optel.

LEONTES. Hy's bang vir sy vrou.

PAULINA. Ek wens ú was, want dan
Sou u u kinders ook erken.

LEONTES. 'n Nes
Verraaiers!

ANTIGONUS. Ek is nie, ek sweer by die lig
Wat bo my skyn.

PAULINA. Nòg ek, nòg iemand anders,
Behalwe hý self, wat sy heilige eer,
Sy koningin, sy kroonprins, sy prinses
Se eer aan laster prysgee skerper as
'n Swaard; hy wat die wortel van sy kwaai
Gedagtes, vrotter as ooit eikehout
Of klip kan hard wees, nooit sal uitpluk nie,
En soos die saak nou staan, is dit 'n vloek
Dat niemand hom kan dwing nie.

LEONTES. Slet met 'n
Los tong, wat onlangs nog haar man geklop het;
Nou klop sy aan by my. Die kind is niks
Van my nie, maar Polixenes se teelt.
Weg daarmee, gooi dit same met sy moer
Op 'n brandstapel!

PAULINA. Ú kind, sý, en as
Ons 'n ou spreekwoord mag toepas op u:
,Op Pa lyk Griet tot haar verdriet!' Kyk hier,
My here: Hoewel die afdruk klein is, dis
Presies die vader se ewebeeld: Sy oog,
Sy neus, sy mond; sy eie manier van frons;
Sy voorhoof; die mooi duikie in sy ken
En kuiltjies in sy wang; die vorm en
Fatsoen van hande, vingers, naels. En u,
Natuur, genadige godin, wat haar
So veel laat lyk op hom wat haar verwek het,
As u ook nog die voorkoms van haar gees

Bepaal, laat daar geen geel insluip, want dan
Sal sy, soos hy, verklaar dat ook haar kinders
Maar basters is!

LEONTES. Jou growwe heks! En jy,
Jou skurk, jy het die galg verdien, omdat
Jy nie haar mond kan snoer nie.

ANTIGONUS. Hang die mans,
Wat daartoe nie in staat is nie, en u
Sit sonder 'n enkele onderdaan.

LEONTES. Nogmaals,
Neem weg die vrou.

PAULINA. Dit is die beste wat
'n Onnatuurlike en onwaardige heer
Kan doen.

LEONTES. Ek sal jou laat verbrand.

PAULINA. Ook dit
Kan my niks skeel nie. Ketter is hy wat d' vuur
Aansteek, nie sy wat daarin brand nie. Ek
Noem u geen dwingeland; maar die wrede daad
Teenoor u koningin, u onvermoë,
Wat net u eie, vae fantasie
Kan bring as skuldbewys, dit ruik vir my
Na dwingelandy, 'n skending van u naam,
'n Skandvlek voor die wêreld.

LEONTES. Op u eed
Van trou, neem haar weg uit my kamer, weg!
As ek 'n dwing'land was, wat sou haar lewe
Nog werd gewees het? As sy dit geglo het,
Sou sy dit nooit gewaag het om my so
Te noem nie. Weg is sy!

PAULINA. Ek vra u, moenie aan my stoot nie. Ek
Sal gaan. Let op u kind, my heer, sy is
Van u. Ek hoop dat die hoë hemel haar
'n Beter skutsengel gee. Hou af van my
Jul hande. Julle wat sy dwaashede
So sag vertroetel, kan hom nooit goed doen nie,
Nie een van julle nie. Nou wel, tot siens!

LEONTES. Verraaier, jy't jou vroumens opgestook
Om dit te doen. Mý kind? Vat weg die ding!

En jy met 'n hart wat so teer klop vir haar,
Neem jy haar weg en sorg dat sy verbrand word.
Ja, jy, en niemand anders. Dad'lik, tel
Dit op, en bring my binne 'n uur berig,
Met goeie getuie, dat jy dit gedaan het,
Of jy verbeur jou lewe en alles wat
Van jou is. Of, as jy wil weier en
My woede trotseer, sê dit. Ek sal self
Met eie hande die basterbrein verbrysel.
Loop, gooi dit in die vuur. Jy het jou vrou
Mos aangehits.

ANTIGONUS. Ek hét nie, heer. My vriende,
Die edelmannes hier, kan, as hulle wil,
Van my onskuld getuig.

EDELMANNE. My edele heer.
Ons kan getuig, hy is nie skuldig aan
Haar koms hierheen nie.

LEONTES. Leuenaards, almal leuenaards!

'N EDELMAN. Ek smee U Hoogheid, gee ons meer krediet.
Ons het u altyd trou gedien en pleit,
Dat u dit ook moet glo. Ons bid u op
Ons knieë, as loon op reeds gedane diens
En diens wat nog moet kom, herroep tog u
Bevel, wat so verskriklik bloedig is
En vuil gevolge kan hê. Ons almal kniel.

LEONTES. Ek is 'n veertjie in elke wind wat waai.
Sal ek voortleef, tot vóór my 'n baster kniel
En my 'vader' noem? Liewers dit nou verbrand
As later dit vervloek. Nou goed, laat dit
Dan leef. Of nee, dit sal nie. Jy, heer, kom
Hierheen, jy wat met jou ou broeis hen daar
So amptelik teer vroedvrou gespeel het om
Die basterlewe te red – dit is 'n baster,
So seker as dié baard gryns is* – wat sou jy
Waag om die ding se lewe te red?

ANTIGONUS. Alles,
My heer, wat ek in my bevoegdheid mag,

*Verwysing na Antigonus se baard, wat Leontes
miskien in sy ergerlikheid trek.

En wat my eer gebied, ten minste dit.
Ek sal my bietjie bloed wat oorbly, ook
Verpand, as 't moontlik is om die onskuld
Te red.

LEONTES. Dis moontlik. Sweer by hierdie swaard
Jy sal my opdrag uitvoer.

ANTIGONUS. Heer, ek sal.

LEONTES. Nou, luister dan, en doen dit, want, jy sien,
As jy in een ding faal, is dit jou dood,
Die dood ook van jou gifbek van 'n vrou,
Wat 'k hierdie keer vergewe. My bevel
Aan jou is om die bastermeisiekind weg
Te neem van hier na een of ander ver
Woestyng gebied, ver buite die grense van
Ons ryk; en dat jy sonder verder sorg
Haar oorlaat aan haar lot en die genade
Van die natuur. Daar dit 'n vreemde lot
Is wat haar hier gebring het, kan ek jou
Met reg beveel, op straf van marteling en
Verdoemenis, dat jy haar neerlê op
'n Vreemde plek waar sy deur toeval òf
Sal grootgemaak word òf vernietig word.
Neem dit nou weg.

ANTIGONUS. Ek sweer ek sal dit doen,
Hoewel onmiddellik dood genadiger
Sou wees. Kom, arme kindjie. O, ek bid
Dat 'n magtige gees die rawe en kraaie leer
Om jou te voed! Selfs wolwe en bere, word
Vertel, het al hul wildheid afgelê
En dié soort liefdediens verrig. My heer,
Mag voorspoed, meer as u deur hierdie daad
Verdien, u deel wees. Mag teen hierdie wreedheid
Genade u kant kies en veg vir u,
My arme ding, tot die dood gedoem.
Af met kind.

LEONTES. Nee, ek,
Maak nie 'n ander man se aanteel groot nie.
Bediende op.

BEDIENDE. U Hoogheid, daar't 'n uur gelede berig

Gekom van Cleomenes en Dion, wat
Vir u d' orakel moes gaan raadpleeg. Hulle
Is veilig t'rug uit Delfos, het geland
En kom nou haastig hof toe.

'N EDELMAN.

Daardie spoed

Is ongehoord.

LEONTES.

Net drie en twintig dae

Was hulle weg. Dis vinnig. Dit voorspel
Dat groot Apollo die waarheid haastiglik
Wil openbaar. Maak u gereed, my here,
Belê 'n sitting van die hof, dat ons
Die dislojale koningin kan aankla;
Want, aangesien sy in die openbaar
Beskuldig is, sal sy regverdig in
Die openbaar teregstaan. Sy sal swaar
Weeg op my hart so lank sy leef. Verlaat
My nou, dink na oor wat ek u beveel het.
Almal af.

DERDE BEDRYF

Eerste Toneel

Cleomenes en Dion op.

CLEOMENES. Klimaat so sag, en heerlik fris die lug,
'n Vrugbare eiland met 'n tempel wat
Sy wye naam en faam nog ver oortref.

DION. Ek sal verslag doen oor wat meeste my
Ontroer het: Hemelse genade – ja,
Ek mag dit wel so noem – die plegtigheid
Van vrome priesters. O, die offerdiens!
Hoe statig, toegewyd, onaards is dit
Aan d' godheid opgedra.

CLEOMENES. Meer dan dit alles:
Die deurbreek van die oorverdowende
Orakelstem, verwant aan Jupiter
Se donder, het so my sin verbyster dat
Ek niks geword het.

DION. As ons reis daarheen
Vir d' koningin – o, mag dit wees – net so
Geslaagd is as vir ons, so vreemd, so vinnig,
So heerlik, was die tyd daar wel bestee.

CLEOMENES. O grote Apollo, laat dit tog gedy
Ten goede. Al die proklamasies wat
Swaar sondes stapel op Hermione,
Vertrou ek nie.

DION. Die driftige uitvoer van
Besluite kan alles opklaar of beëindig.
Wanneer d'orakelspreuk, deur Jupiter
Se priester nog verseël, se inhoud reeds
Geopenbaar is, sal daar vreemde dinge
In ons gedagte binnestorm. Gaan kry
Vars perde! Mag die uitkoms ons bevredig.
Af.

Tweede Toneel

Leontes, edelliede en geregsdienaars op.

LEONTES. Die sitting – dit sê ons met heelwat leed –

Druk loodswaar op ons hart : Die aangeklaagde,
'n Koningsdogter, ook ons vrou, wat ons
Te lief gehad het. Mag daar geen verwyd
Van dwing'landy ons tref nie; openlik
Daag ons haar voor die hof, wat vry sy gang
Sal gaan, tot dit haar vryspreek of veroordeel.
Bring hier die beskuldigde.

AMPTENAAR. Sy hoogheid wil dat d' koningin persoonlik
Hier in die hof verskyn. Stiltel

Hermione op, onder bewaking; ook Paulina en hofdames.

LEONTES. Lees die beskuldiging.

AMPTENAAR. Hermione, gemalin van die eerbiedwaardige Leontes,
Koning van Sicilië, u word hier gedagvaar, en beskuldig van hoog-
verraad, omdat u owerspel gepleeg het met Polixenes,
die Koning van Boheme, en saamgesweer het met Camillo om u
gemaal, ons koninklike Heer, om die lewe te bring; waarby u, Her-
mione, toe die komplot deur omstandighede gedeeltelik aan die lig
gekom het, in stryd met die gelofte en trou van 'n waaragtige onder-
daan, hulle met raad en daad gehelp het om vir alle veiligheid weg
te vlug in die nag.

HERMIONE. Daar al wat ek kan sê, ontkenning is

Van hierdie aanklag, en getuienis
Aan my kant net maar is wat ek self hier
Verklaar, sal dit my nouliks baat om nog
Te sê 'onskuldig'. My regskenning
Word my as valsheid toegereken; wat
Ek sê, sal so beskou word. Maar, indien
Daar hemelse magte al ons dade hier
Aanskou – soos hulle werklik doen – dan glo
Ek vas dat onskuld valse laster sal
Laat bloos, dat dwing'landy sal bewe voor
Geduld. My heer, u weet dit beste, maar
U laat dit minste blyk: My hele lewe
Was net so matig, kuis en trou as wat

Dit nou rampsalig is, en dit is meer
 As die geskiedenis kan ewenaar,
 Al sou verbeelding dit verwerk vir die
 Toneel. Aanskou my hier, 'n koningin,
 Met my halwe aanspraak op die troon, 'n groot
 Koning se dogter, moeder van 'n jong
 Hoopvolle prins; maar ek staan hier en klets
 En praat om my eer en lewe te verdedig
 Voor almal wat maar lus het om te luister.
 My lewe skat ek net so hoog soos smart, wat ek
 Graag wil vermy. Maar eer is soos 'n erf'nis
 Wat ek aan kinders wil bemaak; daarvoor
 Alleen veg ek. Raadpleeg nou u gewete
 En vra uself: Hoe'k vóór Polixenes
 Ons hof besoek het, hoog gestaan het in
 U guns, en hoe ek dit verdien het. Hoe,
 Deur watter misstap ná sy koms het ek
 Verdien dat u my so beskou? As ek
 'n Haarbreed afgewyk het van die pad
 Van eer, of in my wil of in my daad
 Daartoe geneig het, laat dan almal wat
 My hoor, hul hart verhard teen my, en laat
 My naaste familie my tot in die graf
 Vervloek!

LEONTES. Ek het nog nooit gehoor dat groot
 Vergrype minder onbeskaamdheid eis
 Vir hul verdediging as vir die pleeg
 Daarvan.

HERMIONE. Ja, dit is waar, maar 'n gesegde
 Wat nie op my toepaslik is nie.

LEONTES. U
 Ontken dit?

HERMIONE. Meer dan wat nou as my fout
 Beskou word, kan ek nie aanvaar nie. Wat
 Polixenes betref, met wie ek nou
 Beskuldig word, laat my erken ek het
 Van hom gehou, soos hy in alle eer
 Verlang het, dié soort vriendskap wat
 'n Vrou soos my betaam. 'n Vriendskap so

En geensins anders as wat u beveel het.
Versuim hierin sou, dink ek, net soseer
Ondankbaarheid en ongehoorsaamheid
Gewees het teenoor u as ook teenoor
U vriend wat reeds as jong kind, vandat hy
Kon praat, gesê het hy behoort aan u.
En nou, oor sameswering . . . Ek weet nie
Hoe smaak dit nie, en sou dit nie herken
As't voor my opgedis word om te proe nie.
Camillo was getrou – dis al wat ek weet –
Maar waarom hy u hof verlaat het, dit
Begryp die gode net so min as ek,
Tensy dat hulle beter ingelig is.

LEONTES. Jy het geweet van sy vertrek en ook wat jy
Beloof het om in sy afwesigheid
Te doen.

HERMIONE. U praat 'n taal wat 'k nie verstaan nie.
My lewe's oorgelewer aan u drome;
Ek gee dit prys.

LEONTES. Jou daad is my drome.
Jy kry 'n baster by Polixenes –
Dit het ek net gedroom! – Verby alle skaamte,
Soos jou soort daad verby die waarheid is,
Verloën jy dit met meer sorg as wat jy
By so iets baat kan vind! Net soos jou teelt
Nou uitgestoot is – want vir háár soort sal
Geen man wil vader staan nie, wat vir jou
'n Groter skande is as vir haar – so sal
Jy ook ons straf ervaar, wat tog in die
Genadigste geval nog doodstraf is.

HERMIONE. Bespaar my tog u dreigemente.
Die skrikbeeld, wat u aan my voorhou, soek ek.
Vir my't die lewe hier geen waarde meer.
Die toppunt en die troos van my bestaan,
U liefde, is heen, ek voel dis weg, maar weet
Nie waar't ek dit verloor. My tweede vreugde,
Die eersgeborene uit my skoot, word van
My weggehou asof 'k besmetlik is.
My derde troos, 'n ongelukskind gebore,

Is van my bors geruk, onskuldige melk
Nog op onskuldige mond, en na haar dood
Gestuur. Ek self word op elke paal ten toon
Gestel as slet, en met oordrewe haat
Word 'n kraambed my geweier, die voorreg van
'n Vrou uit elke stand. Ten laaste is ek
Na hierdie plek, na d'opelug gejaag,
Voordat my krag herstel was. Sê my, heer,
Deur watter vreugdes, wat die lewe bied,
Sou ek die dood moet vrees? Gaan dus maar voort.
Maar luister, en verstaan my goed. Ek pleit
Nie vir my lewe nie – dit is vir my
Geen stuiwer werd – maar vir my eer wat ek
Wil suiwer hou. As ek veroordeel word
Bloot op vermoedens, op dié soort bewyse
Wat u jaloerse argwaan wakker roep,
Dan sê ek dis d'wing'landy, geen wet.
My edele here, ek beroep my op
D'orakel, laat Apollo my regter wees!

'N EDELMAN. Hierdie versoek is volkome billik; bring
In d' naam van Apollo nou die uitspraak van
Die orakel.

Enkele amptenare af.

HERMIONE. Die keiser van die Russe was my vader.

O, as hy maar geleef het en kon aanskou
Sy dogter se verhoor! As hy kon sien
My dieptes van ellende, maar met oë
Van medelye, nooit van wraak nie!

Amptenare op met Cleomenes en Dion.

AMPTENAAR. Op hierdie swaard van geregtigheid sal u,
Cleomenes en Dion, sweer dat u
Albei in Delfos was; dat u vandaar
Hierdie verseelde orakelspreuk, wat deur
Apollo se priester eichandig aan
U toevertrou is, hierheen bring; dat u
In daardie tyd dit nooit gewaag het om
Die heilige seël te verbreek en die
Verborgte dinge te lees nie.

CLEOMENES EN DION.

Ja, ons sweer.

LEONTES. Breek oop die seëls, en lees.

AMPTENAAR. Hermione is kuis; Polixenes onskuldig; Camillo 'n getroue onderdaan; Leontes 'n jaloerse dwingeland; sy onskuldige kind in alle eerbaarheid verwek; en die koning sal leef sonder erfgenaam, tensy wat verlore is weer gevind kan word.

EDELLIEDE. Geheilig is die groot Apollo.

HERMIONE. Loof

Sy naam!

LEONTES. Het u dit reg gelees?

AMPTENAAR. Ja, heer,

Presies soos hier geskrywe is.

LEONTES. Daar skuil

Geen waarheid in die orakel. Louter valsheid!

Die saak gaan voort. Bedrog!

'n Dienaar op.

DIENAAR. My heer, my koning!

LEONTES. Wat wil jy hê?

DIENAAR. U sal my haat oor die

Berig! Bekommerd oor die koningin

Se lot, het u seun heengegaan.

LEONTES. Heen? Heen?

DIENAAR. Hy's dood.

LEONTES. Apollo se toorn, die hemel self

Wreek d'onreg op my hoof.

Hermione val flou.

Wat is dit daar?

PAULINA. Die nuus is dodelik vir die koningin.

Kyk daar, en sien hoe werk die dood.

LEONTES. Neem haar

Hier weg. Haar hart is net oorspanne; sy

Sal regkom. Ek het net te veel geloof

Geheg aan eie agterdog. Ek bid u,

Gee haar met sagtheid middels wat haar sal

Versterk.

Paulina en hofdames af met Hermione.

Apollo, o, vergewe my

My goddelose smaad op u orakel!

Ek sal my met Polixenes versoen,

Die liefde van my koningin herwin,

Die goeie Camillo weer terugroep, want
Ek loof sy waarheid en barmhartigheid.
Toe ek deur argwaan opgesweep was tot
Die bloedigste wraakgedagtes, het ek hom,
Camillo, uitgekies; hy moes met gif
My vriend Polixenes om die lewe bring.
Dit sou gebeur het; maar Camillo, met
Sy goeie inbors, het my oorhaastige bevel
Ontwyk, hoewel ek aan hom voorgehou
Het, by versuim, die dood as straf, en by
Volvoering van die taak, 'n groot geskenk
As loon. Sy menslikheid en eergevoel
Het aan my koninklike gas my plan
Verraai. Hy het sy ryk besittings hier
Gelaat, en aan gevare en onsekerheid
Hom oorgegee, sy rykdom nou sy eer.
Hoe glinster dit teen my verroeste deug,
Hoe steek my daad teen sy regskenheid
Nog swarter af.

Paulina op.

PAULINA. O smart! O my! Sny los
My keurslyf, of my hart sal beur daarteen
En breek!

'N EDELMAN. Maar wat vir smartkreet, liewe dame?

PAULINA. Tiran, watter marteling het jy bedink
Vir my? Rad? Pynbank? Vuurdood? Lewendig
Afslag? Of kook in gesmelte lood of olie?
Watter ou of nuwe marteling moet ek
Verduur, want elke woord van my verdien
Jou ergste straf. Jou tirannie, gepaar
met al jou jaloesie – te flou vir seuns,
Te yl en groen vir dogtertjies van nege –
Dink net wat dit gedaan het, en word gek,
Word stapelgek! Want al jou vroeër sotheid
Was maar 'n voorsmaak van wat nog moes volg.
Dat jy Polixenes verrai het, is niks;
Dit 't net gewys dat jy as dwaas ontrou,
Vervloek ondankbaar is. Ook minder erg,
Dat jy wou hê Camillo moet sy eer

Besmet met koningsmoord. Dis klein vergrype
By monsteragtiges wat volg. Daarby,
Is na my mening die uitsmyt van jou kind,
Jou dogter, vir die kraaie om te vreet,
Ook niks, hoewel 'n duiwel eerder uit
Die vuurgloed van sy oë trane sou
Gestort het as om dit te doen. En ook
Die dood van die jong prins is nie direk
Aan jou te wyte; deur sy nobele gees,
Te hoog vir een so teer, het sy hart gebreek,
Toe hy hoor hoe 'n growwe, dwase vader
Sy edele moeder se eer bevlek. Ook dit
Word jou nie toegereken nie. Maar, o,
My here, as ek dit noem, roep, ,wee, o wee!
Die koningin, die liefste, soetste wese
Is dood; en wraak daarop het nog nie uit
Die hemel neergestort nie.

'N EDELMAN.

Gode, bewaar ons!

PAULINA. Sy's dood, sê ek. Ek kan dit sweer. Maar as
My woord of eed niks help nie, loop kyk self.
As u in haar lippe kleur, haar oë glans
Kan bring, dat haar liggaam buite warm word
En binne asemhaal, sal ek u dien
Soos ek die gode dien. Tiran! Vergeet
Maar jou berou, want hierdie skulde weeg
So swaar dat al jou smart dit nooit kan delg nie.
Gee jou maar aan die wanhoop oor. Al sou
'n Duisend knieë selfs tienduisend jaar
Op 'n barre rotsgebergte nakend bid
En vas in ewigdurende winterstorm,
Sou dit die gode nie beweeg om na
Jou kant te kyk nie.

LEONTES.

Ja, gaan voort, gaan voort,

U kan nooit té veel sê nie. Ek het seker
Van alle tonge die bitterste verdien.

'N EDELMAN. Sê tog niks meer nie. Hoe die saak ook al
Verloop, u woorde, u uitdagendheid
Was 'n fout gewees.

PAULINA. Dit spyt my bitter. As

Ek foute maak en insien, het ek diep
 Berou. My vroulike voortvarendheid,
 Dit het, helaas, sy edel hart getref.
 Wie treur oor wat reeds hopeloos verby is!
 Vergeet die pyn wat my beskuldigings
 Gebring het; laat my liewers straf verduur,
 – Ek smeek, u – omdat ek u herinner het
 Aan wat u moet vergeet. My liewe heer,
 My koning, sal u 'n dwase vrou vergewe?
 My liefde vir u koningin – ag, weer
 Verkeerdt! – Geen woord oor haar meer, of u kinders.
 Ek sal u nie herinner aan my man,
 Wat ook verlore is. Wees sterk, geduldig,
 En ek sal swyg.

LEONTES. U't goed gepraat, toe u
 Die waarheid praat, wat my veel liever was
 As nou u medelye. Bring my na
 Die lyke – 'k smeek u – van my vrou en seun.
 Een graf sal albei dek; en daarop sal
 Vermeld word, my tot skande ewigdurend,
 Die oorsaak van hul dood. Eenmaal per dag
 Sal ek die doodskapel besoek, en daar
 Sal tranes wat ek stort, ontspanning wees.
 So lank as my natuur die boetegang
 Verdra, sal ek – dit sweer ek – daarmee aanhou.
 Kom, lei my na die smarttonele.
Af.

Derde Toneel

Antigonus, met die babatjie in sy arms, en 'n matroos kom op.

ANTIGONUS. Jy's seker dat ons skip geland het aan
 Boheme se woestynland?

MATROOS. Ja, my heer,
 Ek vrees, op 'n slegte tyd. Die lug lyk grimmig,
 En dreig met donderstorms. Volgens my
 Gewete is die hemele toornig en

Hulle frons op wat ons doen!

ANTIGONUS. Laat hulle heilige wil geskied. Gaan nou
Aan boord. Let op jou boot. Dit sal nie lank
Wees voor ek by jou t'rug is.

MATROOS. Gaan maar gou
En nie te diep die land in nie. Ons kry
Waarskynlik onweer; daarby is die plek
Berug vir roofdiere wat hier loop.

ANTIGONUS. Gaan heen,
Ek sal jou dad'lik volg.

MATROOS. My hart is bly
Ek is daarvan ontslae.

Af.

ANTIGONUS. Arme kind,
Ek het gehoor, maar nooit geglo, dat geeste
Van dooies weer kan wandel. As dit kan,
Dan het jou moeder verlede nag voor my
Verskyn; geen droom was ooit so helder wakker.
Daar was voor my 'n gedaante met haar hoof
Soms eenkant, soms na d'ander kant gewend.
Ek het nog nooit 'n liggaam so vol smart
Gesien, so waardig. In haar wit gewaad,
Die reinheid self, het sy my hut genader,
Drie maal gebuig voor my, haar mond oop – sy
Wou praat, – haar oë waterbronne. Toe
Die vlaag van smart verflou, het sy uitgebars:
„My liewe Antigonus, omdat die lot,
So teen u beter inbors in my kind
Aan u gegee het om uit te werp – daar is
In terme van u eed hier in Boheme
Nog plekke ver genoeg – ween daar, en laat
My huilende kindjie lê. Maar, omdat sy
Verlore is, smee ek, doop haar Perdita.
Die wrede taak, my man se bevel aan u,
Bring mee: U sal u vrou Paulina nooit
Weer sien nie.” Met 'n angskreet het sy in
Die lug verdwyn. Nog erg verskrik, het ek
Weer tot verhaal gekom, en stil gedink
Dat dit geen droom was maar die waarheid. Drome

Is net bedrog. Maar ek wil bygelowig
Hulle een keer my laat lei. Hermione,
Glo ek, is dood. En aangesien dit tog
Polixenes se kind is, wil Apollo
Dat dit vir lewe of dood hier neergelê word,
Hier op haar regte vader se grondgebied.

Hy lê die kindjie neer.

Klein botsel, mag jy bloei! lê hier, en hier
Jou naam.

Hy lê daar 'n perkamentrol en 'n pakkie.

En hier, iets anders, wat, as die
Geluksgod wil, jou opvoeding sal betaal,
My liewe kind, met nog iets oor vir jou.
Die storm begin. O, arme kind, wat deur
Jou moeder se fout nou blootgestel is aan
Verderf of wat ook al! My hart bloei, maar
Ek kan nie huil nie. O, vervloek is ek,
Ek word deur 'n eed hiertoe gedwing. Vaarwell
Die dag frons meer en meer. Jou wiegelied
Sal stormagtig wees. Ek het nog nooit
Oordag die hemel so dof gesien. 'n Wilde
Rumoer! Ek wens ek was aan boord. Hier is
Die jag; ek is verlore!

Af, agtervolg deur 'n beer.

'n Skaapherder op.

SKAAPHERDER. Ek wens daar was geen leeftyd tussen tien en drie en twintig; of dat die jeug in daardie jare slaap; want in dié tussentyd het hulle niks anders te doen as meisies swanger maak, en oumense versondig, en dan nog steel en veg. Hoor daar! Sou iemand anders as die heethoofde van negentien tot twee en twintig jaar in hierdie weer gaan jag? Hulle het twee van my beste skape op loop geja, en ek vrees die wolf sal hulle vind nog vóór die baas. As ek hulle êrens kry, sal dit by die seekus wees waar hulle aan die klimop knabbel. (*Sien die babatjie.*) Liewe hemel, wat het ons hier. Genade, dis 'n kind. 'n Baie mooi kind! 'n Seun of dogter, ek wonder? 'n Pragtige outjie, werklik pragtig. Dis seker 'n glips; hoewel ek nie boekgeleerd is nie, lees ek op die gesiggie dat 'n kamermeisie 'n glips gemaak het. Daar's trappe geklim, in koffers weggekruip, agter deure gestaan; hulle wat dit gedoen het, was warmer as dié

ou dingetjie hier. Ek sal dit saamvat uit jammerte, maar eers wag tot my seun kom. Hy het so pas geroep Koewieeel koewieeel

Die seun op.

SEUN. Koewieeel!

SKAAPHERDER. Wat, is jy so naby? As jy iets wil sien, waarom jy nog sal praat as jy dood en vergaan is, kom hierheen! Maar wat is dit met jou?

SEUN. Ek het twee sulke tonele gesien, op see en op land! Maar ek durf nie sê dit was die see nie, want dit is nou die lug. Tussen dit en die uitspansel kan jy geen mespunt steek nie.

SKAAPHERDER. Wat, wat is dit, my seun?

SEUN. Ek wens Pa kon gesien het hoe dit woed, en hoe dit raas, hoe dit die kus opvreet! Maar dit is nie die hoofsaak nie. O, die jammerlike geskreeu van die arme siele, wat jy een oomblik sien en dan weer nie, die skip wat nou met sy hoofmas die maan deurboor, dan weer verswelg word deur die skuim wat gis, soos om die prop wat jy in 'n sponsgat steek. Nou weer die landdiens: Om te sien hoe die beer sy sleutelbeen uitruk, te hoor hoe hy tot my om hulp geroep het, en gesê het sy naam is Antigonus, en hy is 'n edelman. Maar laat ons eers die skip afhandel: Om te sien hoe die see dit wegsluk, te hoor hoe die arme siele brul, en hoe die see hulle bespot; en hoe die arme edelman gebrul het en hoe die beer hom bespot het, en albei harder as die storm en die see gebrul het.

SKAAPHERDER. Genade! Wanneer was dit, my seun?

SEUN. Nou, nou! Ek het nog nie 'n oog geknip van ek die tonele gesien het nie, die mense het nog nie koud geword onder water nie, die beer het die edelman nog nie halfpad opgevreet nie, hy's nog daarmee besig.

SKAAPHERDER. Ek wens ek was in die buurt gewees om die ou man te help!

SEUN. Ek wens Pa was by die skip gewees om daar te help; Pa se hulpdiens sou geen vaste grond onder Pa se voete gekry het nie.

SKAAPHERDER. Geweldig! Geweldig! Maar kyk hier, Seun. Wees getroos: Jy't dinge wat sterf, ontmoet, ék, dinge wat gebore word. Hier's iets vir jou om te sien, kyk net, 'n dooprok vir 'n landedelman se kind! Kyk hier, tel, tel dit op, Seun, maak dit oop. So, laat ons sien. Dit is aan my voorspel dat elwe my nog ryk sal maak. Dis een of ander wisselkind. Maak oop. Wat is daarbinne, Seun?

SEUN. Ou Vader, jou fortuin is gemaak. As Pa se jeugsondes vergewe

is, sal Pa verder lekker leef. Goud! Alles goud!

SKAAPHERDER. Dit is elwegoud, my seun, jy sal dit sien. Tel dit op, en hou dit styf. Nou huis toe, huis toe, die ander pad. Ons is gelukkig, Seun; en om dit te bly, vra net dat ons alles geheim sal hou. Laat my skape maar loop; kom, liewe seun, ons gaan met 'n ander pad huis toe.

SEUN. Vat Pa die ander pad met wat Pa gekry het. Ek sal gaan kyk of die beer al weg is van die edelman en hoeveel hy opgevreet het. Hulle is net gevaarlik as hulle honger is. As daar van die lyk iets oorgebly het, sal ek dit begrawe.

SKAAPHERDER. Dis mooi van jou. As jy aan wat van hom oorgebly het, kan sien wie hy was, kom roep my, sodat ek ook gaan kyk.

SEUN. Seker, ek sal. Dan kan Pa my help om hom te begrawe.

SKAAPHERDER. Dis ons gelukkige dag, my seun, en ons sal daarop goeie dade doen.

Af.

VIERDE BEDRYF

Eerste Toneel

Vader Tyd op, met koor.

VADER TYD. Ek wat party verheug, maar nooit nalaat
Om d' smart en vreug te dien van goed en kwaad,
Wat foute maak, maar alle foute lug,
Gaan nou my vleuels oopvou vir 'n verre vlug.
U moet my nie as kwaad toereken dat
My vaart 'n span van sestien jaar omvat,
En tussentydse groei maar laat verbleek.
Dis in my mag om wette te verbreek,
En in één selfgeskape uur reeds lang
Gevestigde gewoontes te vervang.
Ek bly wat 'k was, en is, en steeds sal wees,
Voor d'oudste orde-wette van die gees
Gevestig is. Ek was van hul ontstaan
Getuie, en stoot die nuutste van die baan,
En maak vandag se glinstering ouderwets,
So oud soos my verhaal, en net so flets.
Met u verlof draai ek die tyd se glas:
Daar't sestien jaar verloop, en u het vas
Geslaap. Ons laat Leontes eenkant nou
Wat oor sy agterdog, in diep berou
Homself opsluit. Laat my u nou meeneem,
Toeskouers, na die mooi land van Boheme.
Onthou daarby ook ek het u vertel
Van 'n koningseun met name Florisel.
Ek haas my om te praat van Perdita,
Wat opgegroeï het en haar skoonheid dra
As ewige wonder. Wat dan verder gebeur
Met haar, vertel ek nie. Maar Tyd sal deur
Wat volg sy boodskap bring. 'n Skaapherder
Se dogter, wat met haar en hare verder
Gebeur, is Tyd se tema. Speel nou mee;
U het tevore u tyd al slegter bestee.
Indien nie, wens Tyd in 'n goeie gees
Dat meer verveling nooit u lot mag wees.

Tweede Toneel

Polixenes en Camillo op.

POLIXENES. Ek smeeek jou, lieue Camillo, moenie aandrang nie. Dit laat my siek voel, as ek jou iets weier, maar toestem sal my dood beteken.

CAMILLO. Dis vyftien jaar dat ek laas my land gesien het. Hoewel ek die grootste deel van my leue in die buiteland deurgebring het, wil ek hê my bene moet daar begrawe word. Buitendien het die boetvaardige koning, my meester, my ontbied. Miskien kan ek sy gevoel van smart – as dit nie verwaand is om so te dink nie – 'n bietjie versag, en dis 'n verdere spoorslag tot my vertrek.

POLIXENES. As jy my liefhet, Camillo, moenie al jou vorige dienste uitwis deur my nou te verlaat nie. Dis aan jou eie goedheid te wyte dat ek jou nie kan mis nie; dit sou beter gewees het as ek jou nooit gehad het nie, as om jou so nodig te hê. Jy 't soveel sake vir my verrig, wat niemand sonder jou behoorlik kan hanteer nie, dat jy òf moet bly om dit self te voltooi, òf met jou saam moet neem die dienste wat jy bewys het. As ek dit nie genoeg waardeer het nie – te hoog skat, is onmoontlik – sal groter blyke van dankbaarheid my doel wees en hegter vriendskapsbande my loon. Noem tog nie die naam van daardie noodlottige land, Sicilië nie, want net die naam alleen straf my met die herinnering aan die boetvaardige, soos jy hom noem, en versoende koning, my broer, en die herinnering aan die verlies van sy onskatbare koningin en kinders, iets wat ek nou weer opnuut betreur . . . Sê my, wanneer het jy Prins Florisel, my seun, laas gesien? Konings is nie minder ongelukkig, wanneer hul kinders nie deug nie, as wanneer hulle kinders verloor wat reeds hul goeie karakter getoon het.

CAMILLO. Heer, ek het die prins drie dae laas gesien. Ek weet nie wat hom die groter geluk verskaf nie, maar ek het hom gemis, en gemerk dat hy in die afgelope tyd dikwels afwesig is van die hof, en dat hy minder gereeld is met sy oefeninge as kroonprins dan hy skynbaar vroeër was.

POLIXENES. Ek het dit ook gemerk, Camillo, en met 'n mate van bekommernis, soseer dat ek persone in my diens opdrag gegee het om te kyk waar hy hom skuilhou. Van hulle het ek verneem dat hy gedurig besoek aflê by die huis van 'n eenvoudige skaapherder, 'n man wat

soos hulle sê, van niks hoegenaamd voor sy bure se verbaasde oë uitgestyg het tot onmeetlike welstand.

CAMILLO. Ek het van so'n man gehoor, my heer, en hy het 'n dogter van buitengewone skoonheid. Haar roem is so verspreid, mens kan nouliks glo dat dit uitgegaan het van so 'n nederige huisie.

POLIXENES. Dit is omtrent presies wat ek gehoor het; maar ek vrees die hoek met aas wat my seun daarheen trek. Jy sal my daarheen vergesel en ons sal, sonder dat hy ons herken, die skaapherder ondervra. Uit sy eenvoud sal ons maklik die verklaring kry, waarom my seun daar kom. Kom, wees asseblief my hulp in hierdie saak, en skuif opsy die gedagtes aan Sicilië.

CAMILLO. Ek volg gewillig u bevel.

POLIXENES. Liewe Camillo! Ons moet onself vermom.

Af.

Derde Toneel

Autolycus op, terwyl hy sing.

AUTOLYCUS. As affodille begin te bloei,
En al die nooientjies drome droom,
Dan voel ek die somer in my gloei
En rooi bloed warm deur my stroom.
Wit lakens lê op die gras en bleik;
Hoerê vir voëls wat tierelier!
En as die wasvrou eenkant kyk,
Steel ek die prys van 'n beker bier.
Die leeurik tierelier sy lied,
Die vinke sing die rietbos vol.
Dis liefdesange vir my en Griet
Wat op die hooimied stoei en rol.
Ek het Prins Florisel gedien en dik ferweel gedra; maar nou
staan ek op straat.
Wie wil nou daaroor treur, my kind,
En bleek word soos die maan?
Al dwaal ek orals met die wind,
Ek kom tog êrens aan.
As ketellappers rond kan loop

Met 'n varkleersak opsy,
Kan ek, al staan die tronkdeur oop,
Sê dis die werk vir my.

My negosiegoed is lakens. As die valke nes maak, pas jou ligter wasgoed op. My vader het my Autolycus genoem, want hy was, net soos ek gebore onder die planeet Mercurius, en ook 'n gapser van ongerekende kleinighede. Met dobbelstene en ligte vrouens se hulp het ek hierdie mondering gekoop, en ek leef van klein verneukerytjies. Die galgtou en die knuppel van die grootpad is vir my te gevaarlik: vir opgehang of afgeransel word, is ek vrekbang. En die gedagte aan die hiernamaals, ag, dit slaap ek weg. 'n Vangs hier voor!
SEUN. Laat my sien: Elke elftal skape lewer veertien kilo wol; elke veertien kilo gee my twee rand en enkele sente; vyftien honderd geskeer, wat kry mens vir die wol?

AUTOLYCUS. As die slagyster toeklap, is hierdie kwartel myne.

SEUN. Ek kan nie sonder telraam reken nie. Laat my sien, wat moet ek alles koop vir die skaapskeerdersfees? Drie kilo suiker, vyf kilo korente, rys . . . Wat wil die suster van my doen met rys? Maar Vader het haar koningin van die fees gemaak, en sy doen dit spoggerig. Sy het jou waarlik vier en twintig ruikers vir die skeerders gemaak, driemansangers, almal goed. Maar hulle is meeste tenore en basse, behalwe een Puritein onder hulle, wat by die horingfluit psalms sing. Ek moet saffraan kry om die peerkoeke te kleur; geen dadels, dit staan nie op my briefie nie; neutmuskate, sewe; een of twee stukke gemmer, maar dit kry ek pasella; vier kilo pruimedante, en net soveel rosyntjies.

AUTOLYCUS. (*Kruip oor die grond.*) Was ek maar nooit gebore nie!

SEUN. Goeie hemel!

AUTOLYCUS. O help my, help my! Skeur af hierdie toiings! En dan, kom, dood, dood, dood!

SEUN. Ag, arme siel! Jy't nog meer toiings nodig om jou te bedek, eerder as iemand om hierdie af te pluk.

AUTOLYCUS. O, meneer, hul walglikheid maak my nog seerder as die houe wat ek gekry het, harde houe, en miljoene daarvan.

SEUN. My arme man, miljoen stokslae, dis iets vreesliks!

AUTOLYCUS. Ek is beroof en geslaan, meneer. My geld en klere is weg, en hierdie vieslike goed is om my gehang.

SEUN. Wat, deur 'n ruiters of 'n voetsoldaat?

AUTOLYCUS. 'n Voetsoldaat, my liewe vrind, 'n voetsoldaat.

SEUN. Ja, hy is wragtag 'n voetsoldaat, te oordeel na die klere wat hy vir jou gelaat het. As dit 'n ruitersbaadjie is, het dit al harde diens gedoen. Gee my jou hand, ek sal jou help; kom, gee my jou hand.

Hy help hom om op te staan.

AUTOLYCUS. O, my liewe vrind, saggies, o!

SEUN. Ag, arme siel!

AUTOL. O, liewe vrind, saggies, meneer! Ek vrees my skouer is uit lit.

SEUN. Hoe nou? Kan jy staan?

AUTOLYCUS. Saggies, assembleef, meneer.

Hy steel die seun se geldbeursie.

Saggies, liewe vrind. U het my 'n liefdediens bewys.

SEUN. Het jy geld nodig? Ek het 'n bietjie geld vir jou.

AUTOLYCUS. Nee, my dierbare vrind, nee, assembleef tog nie. Ek het 'n familielid niks meer as 'n kilometer van hier af, en ek was juis op weg na hom toe. Daar sal ek geld genoeg kry en enigiets wat ek nodig het. Moenie vir my geld aanpresenteer nie, dit sal my hart laat breek.

SEUN. Waffer soort vent was dit wat jou beroof het?

AUTOLYCUS. 'n Vent, meneer, wat ek al sien rondloop het met 'n bagatelspeletjie. Ek het hom vroeër geken as 'n lyfkneg van die prins. Ek sou nie juis kan sê vir watter een van sy deugde dit was nie, maar hulle het hom met die horssweep weggeboender van die hof af.

SEUN. Jy bedoel sy ondeugde. Deug word nie weggemoker van die hof af nie; hulle paai dit om dit daar te hou. En tog het dit geen smoel om daar te bly nie.

AUTOLYCUS. Ja, meneer, ek bedoel sy ondeugde. Ek ken die kêrel goed. Hy was eenkeer 'n aapleier, daarna balju of geregsbode, daarna het hy met 'n poppespel van die Verlore Seun rondgeloop, en met 'n ketellapper se vrou getrou, iets meer as 'n kilometer van waar my huis en landgoed is. Ná hy 'n hele boel skelmagtige beroepe gehad het, is hy as vabond daar gevestig. Party noem hom Autolycus.

SEUN. Dons hom op! 'n Dief, so by my kool, 'n dief. Hy boer by feeste, vandisies en beerbyterye.

AUTOLYCUS. Juistement, meneer. Hy meneer, dis hy die aapskeloeder, wat my in hierdie mondering gestop het.

SEUN. Daar's nie 'n lafhartiger skobbejak in die hele Boheme nie. As jy hom kwaai aangekyk het of na hom gespoeg het, sou hy die rieme neergelê het.

AUTOLYCUS. Ek moet erken, meneer, ek is nie 'n vegterman nie, ek het daarvoor nie die hart nie, en ek sweer hy't dit geweet.

SEUN. Hoe voel jy nou?

AUTOLYCUS. Piekfyn, meneer, baie beter as wat ek was. Ek kan staan, ek kan loop. Ek wil selfs van u afskeid neem en saggies aansukkel na my familielid toe.

SEUN. Sal ek 'n entjie met jou saamloop?

AUTOLYCUS. Nee, allerliefste vrind, nee, meneer.

SEUN. Nouja, tot siens. Ek moet gaan kruie koop vir ons skaapskeerdery.
Af.

AUTOLYCUS. Alles ten beste, liewe vrind! Jou beurs is te koud om warm kruie te koop. Ek sal by die skaapskeerdery wees. En as ek op hierdie verneukslag nie nòg een laat volg en die skeerders soos skape laat lyk nie, skrap dan my naam van die skurke se ererol en skryf dit in die jaarboek van die deug!

Hy sing.

Stap aan en trap die voetpad oop,
Spring bly oor elke styltjie;
'n Vrolike hart kan heeldag loop,
Die droewe net 'n myltjie.

Af.

Vierde Toneel

Florisel en Perdita op, gevolg deur die skaapherder, sy seun, Polixenes en Camillo (in vermomming), Mopsa, Dorcas, en dienaars (skaapherders en herderinne).

FLORISEL. Jou vreemde gewade gee weer nuwe lewe

Aan jou, geen herderin, maar Flora, wat
Die lente inlei. Die skaapskeerdery
Is van ons landelike gode die
Byeenkoms, jy daarvan die koningin.

PERDITA. Genadige heer, dit pas my nie dat ek

U sê dat u oordryf – vergeef die woord –
U Hoogheid het uself, die pronkstuk van
U land, in herderskleed so dof verduister,
En my, eenvoudige nooi, soos 'n godin
Getooi. As gekheid nie 'n kenmerk was
Van al ons feeste, en ons gaste nie

Dit as gebruik aanvaar het, sou ek bloos
Om u so gekleed te sien. Ek sou flou val
As 'k self in 'n spieël moes kyk.

FLORISEL. Ek seën die dag
Waarop my goeie valk gevlie het oor
Jou vader se grond.

PERDITA. Mag Jupiter u bewaar!
Vir my is ons verskil in stand 'n bron
Van angs. U hoë rang weet van geen vrees;
Maar ek word koud, as 'k dink u vader kan
By toeval hierheen kom, soos u. O, hemel,
Hoe sou hy frons, en sien sy nobele boek
Is so sleg ingebind? Wat sou hy sê?
En hoe sal ek sy strenge blik verdra
In dié geleende vere?

FLORISEL. Dink nou net
Aan vrolikheid. Die gode het tog self
Vir liefde hul godd'likheid verloën en vorms
Van diere aangeneem. So 't Jupiter
'n Bul geword, gebrul. Die groen seegod,
Neptuun, het soos 'n ram geblêr. Apollo,
Die goud- en vlam-beklede godheid, was
Eenvoudige herder, net soos ek nou lyk.
Geeneen van hulle het voor groter skoonheid
Of met 'n kuiser doel van vorm verander,
Want my verlangens hou tred met my eer,
En my begeertes brand niks warmer as
My trou.

PERDITA. My heer, u wilsbesluit kan nooit
Bestaan wanneer, soos moet gebeur, die mag
Van d' koning dit weerstreef nie. Een van twee
Word onvermydelik: U moet u plan
Verander, of ék my lewe.

FLORISEL. Perdita,
My liefing, laat die dwanggedagtes nie
Die vreugde van ons fees bederf nie. Òf
Ek bly by jou, òf ek verlaat my vader.
Want ek kan nooit myself, vir enige mens
Iets wees, as ek nie joue is nie. Dit

Staan by my vas, al sê die noodlot ,nee'.
Wees vrolik, skat, en wurg die soort gedagtes
met enigiets wat jy in hande kry.
Jou gaste kom al aan. Lig opgeruimd
Jou ken, asof ons nou ons troudag vier
Soos ons gesweer het.

PERDITA. O, Geluksgodin, wees ons genadig!
*Skaapherder, sy seun, Mopsa, Dorcas en ander kom na vore, met die vermoorde
Polixenes en Camillo.*

FLORISEL. Kyk, daar kom jou gaste.
Probeer om hulle vrolik te ontvang,
En laat rooi bloed van blydschap deur ons stroom.

SKAAPHERDER. My dogter, foeil Toe my vrou nog geleef het,
Was sy op hierdie dag hofmeester, kok,
En skinker, gasvrou, en ook dienaars,
Wat almal welkom heet en hulle bedien.
Sy het haar lied gesing, haar dans gedans,
Aan d' bopunt van die tafel, dan die middel,
En oor 'n skouer hier en daar geleun,
Rooiwarm van die drukte, en om die gloed
Te blus, drink sy op elkeen se gesondheid.
Jy is so skugter, asof jy die gas
En nie die gasvrou is van hierdie fees nie.
Kom, heet die onbekende vriende welkom,
Want so raak ons bekend en beter vriende.
Wat, basta bloos, en wees nou wat jy is,
Prinses van hierdie fees. Kom nou, en heet
Ons welkom by die skeerdersfees, sodat
Ons troppe fluks aanteel.

PERDITA. (*Tot Polixenes.*) Welkom, my heer.

Dit is my vader se wil dat ek vandag
Die rol van gasvrou speel.

(*Tot Camillo.*) U's welkom, heer

Dorcas, gee my die blomme. Edele here,

Hier is vir u wynruit en roosmaryn,

Wat d' hele winter mooi en geurig bly.

Mag hulle liefde en soet herinn'rings bring

Vir u albei. Wees welkom by ons fees!

POLIXENES. Mooi herderin, u het ons leeftyd reg

Getooi met winterblomme.

PERDITA. As die jaar
Oud word, my heer, nog voor die somer se dood
En bibberende winter se geboorte,
Dan is die mooiste blomme angeliere
En gestreepte duisendskoontjies, wat die mense
Natuur se basters noem. Daar's niks daarvan
In ons landelike tuin nie, en ek wil
Geen steggies hê nie.

POLIXENES. Waarom, liewe dame,
Versmaai u hulle?

PERDITA. Dit is my vertel,
Daar is 'n kuns wat met sy kleurskakerings
Wedywer met die skeppende natuur.

POLIXENES. Gestel daar is. Maar die natuur kan net
Verbeter word deur middels wat sy self
Geskep het. Bo die kuns wat, soos u sê,
Natuur verbeter, staan daar dus 'n kuns,
Uit die natuur gebore. Liewe dame,
Ons ent op 'n wilde loot 'n edeler steggie,
Sodat 'n stam van laer, growwer soort
'n Nobeler blom voortbring. Dit is 'n kuns
Wat die natuur verbeter, nee, verander,
Maar self 'n stuk natuur is.

PERDITA. Dit is waar.

POLIXENES. Verryk u tuin dus maar met duisendskoontjies,
En moenie hulle basters noem nie.

PERDITA. Ek
Sal geen graafpunt in d' grond steek om daarvan
'n Loot te plant nie; net so min sou ek,
Indien ek kleursel aan my wang sou smeer,
Dit goevind dat 'n jongman juis daarom
Deur my wil voortplant. Hier is blomme vir u:
Dis kruisement, laventel, bonekruid,
En marjolein, en gousblom wat gaan slaap
en opstaan met die son – vol somertyd
Se blomme, wat ons na my mening aan
Middeljarige manne gee. Wees hartlik welkom.
(*Sy gee hulle die blomme.*)

CAMILLO. As ek 'n skaap was van u trop, sou ek

Self ophou wei en net my oog laat wei.

PERDITA. O, Griet! Daarvan sal u so maer word, dat

Die Januariewinde deur u heen kejakker.

(Tot Florisel.)

En nou, my liefste vriend, ek wens ek had

Die lentebloem wat by u leeftyd pas.

(Tot Mopsa en die ander meisies.)

En ook vir julle wat nog swellende knoppe

Aan maagdelike stamme dra. O had

Ek maar die blomme, Proserpina, wat

Jy in jou angs laat val het uit Plutus

Se wa: Dis affodille wat verskyn

Voordat die swaeltjies dit nog waag, en wat

Die winde in Maart betower met hul skoonheid;

Viooltjies, skugter, maar nog liefliker

As d' ooglede van Juno of adem uit

Die mond van Venus; bleekgoud primulas,

Wat sterwe, ongehuud, vóór Febus in

Sy helder krag verskyn – 'n lot wat aan

Jong meisies soms beskore is – ; en dan

Die trotse sleutelbloem, keiserskrone,

En baie lelies, ook die fleur-de-lis –

Dit alles moes ek hê, my liewe vriend,

Om kranse mee te vleg en oor jou heen

Te strooi.

FLORISEL. Soos oor 'n lyk?

PERDITA. Nee, oor 'n grasbank

Vir liefde om op te lê en speel. Geen lyk,

Maar as 'k jou moet begrawe, laat dit dan

Tog lewendig in my arms wees. Kom, neem

Jou blomme. Ek verbeel my ál ek speel

In 'n Pinkster-pastorale. Hierdie kleed

Het ook my aard verander.

FLORISEL. Wat jy doen,

Is beter as voorheen gedaan is. As

Jy praat, wens ek jy moet ewig aanhou praat.

Wanneer jy sing, wens ek dat jy jou koop

En jou verkoop, jou gee van liefdegawes,

En jou gebed, en al jou besigheid
Met sang wil begelei. En as jy dans,
Wens ek dat jy 'n golf word op die see
En nooit iets anders doen, geen ander plig,
As net die deining op en neer. Jou lewe,
In elke besonderheid uitsonderlik,
Bekroon vandag se daade wat jy doen,
En elkeen word 'n koningin.

PERDITA. My vriend,
Jou lof is veels te groot. As dit nie was
Dat jong bloed en opregtheid daaruit spreek,
en jou vertoon as onbedorwe herder,
Sou ek, my Doricles, na wys beraad
Moet vrees jy't na die verkeerde vrou gevry.

FLORISEL. Ek dink jy't so min rede om te vrees
As ek om vrees by jou te wek. Maar kom,
'n Dans, jou hand, my Perdita, ons twee
Is tortelduiwe wat nooit weer gaan skei nie.

PERDITA. Op hulle sweer ek.

POLIXENES. Dis die mooiste nooi,
Gebore uit die volksklas, wat ek ooit
Sien huppel het oor die gras. In alles wat
Sy doen of lyk, skuil iets veel groter as
Haar stand, te hoog vir hierdie plek.

CAMILLO. Kyk, hy
Vertel haar iets wat haar laat bloos. Sy is
Die koningin van melk en room!

SEUN. Musiek!

DORCAS. Mopsa moet jou nooi wees. Gedoriewaar, met knoffel om
haar soene geur te gee!

MOPSA. Verbeel jou!

SEUN. Genoeg! Genoeg! Ons ken tog ons maniere! Musiek! Musiek!
Musiek.

'n Dans van herders en herderinne.

POLIXENES. Vertel my, herder, wie is die fyn kêrel
Wat met u dogter dans?

SKAAPHERDER. Dis Doricles.
Hy sê dat hy ordentlike weiveld het.
Ek het maar net sy woord, maar glo hom tog,

Hy lyk so eerlik. Hy't my dogter lief,
Sê hy. Ek dink ok so; geen maan het ooit
Op water neergekyk, soos hy soms staar
En as 't ware my dogter se oë lees.
Om die waarheid te sê, ek dink daar is
Tussen die liefde wat hy voel vir haar
En sý vir hom geen piksoen se verskil nie.

POLIXENES. Sy dans so netjies.

SKAAPHERDER. Alles doen sy so,
Hoewel ek self dit sê, ek wat moet swyg.
En as jong Doricles haar kry, sal sy
Hom meer gee as wat hy ooit van gedroom het.
'n Dienaar op.

DIENAAR. My meester, as u die marskramer aan die deur gehoor het, sal u nooit weer op die tamboer of fluit wil dans nie. Selfs die doedelsak sal u nie laat beweeg nie. Hy sing verskillende deuntjies vinniger dan u geld kan tel. Dit val van sy lippe asof hy ballades geëet het, en almal se ore hang aan hom.

SEUN. Hy kon nie meer gepas gekom het nie; bring hom hier. Ek hou maar al te veel van 'n ballade; 'n treurige storie op 'n vrolike deuntjie, of 'n baie vrolike ding wat hulle droefgeestig sing.

DIENAAR. Hy't liedere vir mans en vrouens van elke maat. Geen winkelier gee so gou aan sy klante handskoene nommer pas nie. Hy het vir meisies die mooiste liefdesliedere sonder skurwigheid, wat al klaar snaaks is, maar met sulke pragtige refreintjies, soos ,hoelala', ,vra vir jou ma en sê vir jou pa'. En wanneer een of ander baberbek van 'n vuilis die gêp wil vat met 'n stukkie liederlikheid, sê die nooi vir hom, ,dis nie myne nie, dis nie joune nie', en sy bring hom skoon van sy wysie af met ,dis anderman se goed wat jy mee speel'.

POLIXENES. Dit lyk my 'n gawe vent.

SEUN. Glo my, u praat van 'n vreeslike begaafde kêrel. Het hy ook splinternuwe negosiegoed?

DIENAAR. Hy het linte in al die kleure van die reënboog; rygsnoere wat alle advokate in Boheme se monde sal snoer, al kom hulle in dosyne op hom af; veters, garingband en kamerdoek en linne. En hy besing en prys die goeters asof dit gode en godinne is. Jy sou dink 'n vrouehemp is 'n wyfie-engel, so besing hy die mou-omslag en die borduurwerk op die borsstuk.

SEUN. Bring hom binne, asseblief, en laat hom sing terwyl hy naderkom.

PERDITA. Waarsku hom vooraf om geen lelike woorde in sy liedjies te gebruik nie. *Dienaar af.*

SEUN. In party van die marskramers steek meer as wat mens dink, suster.

PERDITA. Ja, broer, en meer as wat ek graag wil dink.

Autolycus kom binne, singend.

AUTOLYCUS. Linnedoek, soos sneeu so wit,

Blink satyn, so swart soos git;

Handskoentjies, 'n wye keuse;

Maskers vir gesigte en neuse;

Halssnoer, swart of amberkleurig;

Reukwater, o, so fyn en geurig;

Goudgeel hoedjies, mooi borsrokkies,

Kêrels, koop dit vir jul bokkies.

Al wat nooientjies nodig het,

Van bo tot onder, van a tot z,

Kan julle koop, kom kêrels, koop,

Dan gaan wat toe is sommer oop,

Kom koop!

SEUN. As ek nie verlief was op Mopsa nie, sou jy geen blou duit van my gekry het nie; maar met die ou stroppie reeds om my nek, verbind ek my nog verder met 'n paar handskoentjies en linte.

MOPSA. Jy't hulle aan my belowe vir die fees, maar dis nog nie te laat nie.

DORCAS. Hy het jou meer as dit belowe, tensy hier 'n leuenaard is.

MOPSA. Hy het jou alles betaal wat hy belof het. Miskien het hy jou meer betaal, maar jy sal te skaam wees om dit terug te gee.

SEUN. Het meisiekinders dan geen skaamte meer nie? Dra hulle hul ondergoedjies net so oop en bloot soos hul gesigte? Is daar nie meer 'n melktyd, 'n slaaptyd, of 'n baktyd voor die oond om hierdie geheime vir mekaar te fluister nie? Moet dié geklets hier voor die gaste plaasvind? Gelukkig hulle is besig om te gesels. Nou, monde dig, en geen woord verder nie.

MOPSA. Ek het klaar gepraat. Kom, jy het my 'n veelkleurige serp belof, en 'n paar lekker-ruik-handskoene.

SEUN. Het ek jou nie vertel hoe ek langs die pad bedrieg is en al my geld verloor het nie?

AUTOLYCUS. Dis nie altemits nie, meneer; daar is orals bedrieërs; dus moet mens maar oplet loop.

SEUN. Moenie jy bang wees nie, man; jy sal niks hier verloor nie.

AUTOLYCUS. Ek hoop nie so nie, meneer, want ek het by my waardevolle stukke.

SEUN. Wat het jy daar? Liedjies?

MOPSA. Koop vir my 'n paar, asseblief. Ek hou van 'n gedrukte ballade, sowaar, want dan weet ek dit het rêrig gebeur.

AUTOLYCUS. Hier's een op 'n baie treurige wysie, van hoe 'n woekeraar se vrou in een kraam twintig geldsakke gebaar het, en hoe sy verlang het om adderkoppe en padda-karmenaadjies te eet.

MOPSA. U sê dis waar?

AUTOLYCUS. So waar as padda manel dra, en net 'n maand gelede.

DORCAS. Hemel bewaar my, dat ek nooit met 'n woekeraar trou nie!

AUTOLYCUS. Daarby het jy hier nog die vroedvrou se naam, ene juffrou Pratersnater, en vyf of ses eerlike vrouspersone wat dit aanskou het. Waarom sal ek rondsmous met leuens?

MOPSA. Asseblief, koop dit vir my.

SEUN. Kom, sit dit opsy, en laat my nog ballades sien. Die ander goed sal ons netnou koop.

AUTOLYCUS. Hier's 'n ander ballade van 'n vis wat op Woensdag, die tagtigste April, op die kus verskyn het, veertig duisend vaam bo die water, en vir die nooiens met harde harte hierdie liedjie gesing het:

„Hulle het gedink sy was geen vrou,
Maar 'n koue vis wat haar verveel,
Omdat sy nooit in liefde wou
Haar warm lyf met iemand deel.”

Die ballade is baie treurig en net so waar.

DORCAS. Dink jy dit is waar ok?

AUTOLYCUS. Vyf regters het dit onderteken en meer getuies as my penswinkel kan bevat.

SEUN. Sit dit eenkant; nog een.

AUTOLYCUS. Dis 'n baie jolige liedjie, maar rêrig mooi.

MOPSA. Laat ons 'n paar vrolikes hoor.

AUTOLYCUS. Wel, dis 'n vreeslike vrolike liedjie op die deuntjie van „Sy't met twee gelyk gevry”. Daar's omtrent geen vrouspersoon in die hele weste of sy sing dit, dis baie poppelêr, kan ek julle sê.

MOPSA. Ons ken dit altwee. As jy een part vat, kan ons dit sing; dis in drie stemme.

DORCAS. Ons het die wysie gehoor 'n maand gelede.

AUTOLYCUS. Ek sal my part kan sing; julle weet tog dis my beroep. Ek doen dit saam met julle.

Lied.

AUTOLYCUS. „Weg van hier, want ek moet gaan,
Waarheen traak jou nie, laat staan.

DORCAS. Waarheen?

MOPSA. O, waarheen?

DORCAS. Waarheen?

MOPSA. Jy staan by my onder eed;
Ek moet jou geheime weet.

DORCAS. Ek ook, ek moet gaan daarheen.

MOPSA. Sy dit skuur of meul, ou maat.

DORCAS. Albei plekke doen jy kwaad.

AUTOLYCUS. Nêrens.

DORCAS. Wat se nêrens?

AUTOLYCUS. Nêrens.

DORCAS. Jy't my liefde toegesweer.

MOPSA. En vir my nog tien maal meer.

Waarheen gaan jy? Sê waarheen.”

SEUN. Ons sal die liedjie aanstons verder sing. My vader is met die here in ernstige gesprek; laat ons hulle nie steur nie! Kom, bring jou bondel. Meisies, ek sal vir julle altwee koop. Penswinkelier, gee my die eerste keuse. Volg my, meisies.

Af met Dorcas en Mopsa.

AUTOLYCUS. En jy sal daarvoor goed betaal.

Lied.

Wil jy koop bietjie band,
Vir jou mantel mooi kant,
My duifie, my roe-koe-koe-koer.
Bietjie sy, bietjie draad,
Vir jou voorhoof 'n sieraad,
So nuut en so fyn uitgevoer.
Kom na die marskramer,
Jou geld lyk vernamer,
As jy sê: „Geld se moer”.

Dienaar op.

DIENAAR. Meester, daar is drie karweiers, drie skaapherders, drie beeswagters, drie varkoppassers, almal in velle gekleed, by name bekend as die saterspringers, en hulle voer 'n dans uit wat meisies, omdat hulle daarbuite staan, die hutspot van spronge noem. Maar hulle self dink, as dit nie te wild is vir mense wat net maar rolbal speel nie, behoort dit geweldig in die smaak te val.

SKAAPHERDER. Weg daarmee. Ek weet, my heer, hier was al te veel gemoedelike gekkerny, en, ek weet, my heer, dat ons u verveel.

POLIXENES. U is onregverdig teenoor die wat ons vermaak. Asseblief, laat ons die vier herders-driemanskappe sien.

DIENAAR. Een van die driemanskappe, heer, het volgens eie sê al voor die koning gedans, en selfs die slegste van die drietal spring drie meter vyftig, afgemeet.

SKAAPHERDER. Basta klets. Aangesien die here dit verlang, laat die dansers binnekom, maar gou.

DIENAAR. Hulle wag by die deur, my heer.

Hier 'n dans van twaalf saters.

POLIXENES. Ou vriend, u hoor wel later hiervan meer.

(Tot Camillo.)

Is dit nie reeds te ver nie? Tyd om hulle

Te skei. Hy is eenvoudig, hy sal praat.

(Tot Florisel.)

Hoe nou, my herder! U hart is vervul
Van iets wat u verhinder om fees te vier.

Sowaar, toe ek jonk was en so verlief,

Soos u, het ek my nooi oorlaai met klein

Presentjies. Ek sou hierdie marskramer

Se skat van sy en satyn geplunder het

Om voor haar neer te lê! Maar u het hom

Laat gaan en niks by hom gekoop nie. As

U nooientjie dit verkeerd opvat, en dink

Dat liefde of vrygewigheid ontbreek

By u, sal u dit moeilik kan verklaar,

Ten minste as u bekommerd is oor haar

Geluk.

FLORISEL. Ou heer, ek weet dit, sy stel geen

Belang in hierdie snuisterye. Die

Geskenke wat sy begeer, is in my hart

Verpak en toegesluit, dis hare reeds,

Maar nog nie afgelewer nie.

(Tot Perdita.)

Hoor nou,

My skat, ek gaan voor hierdie ouer heer,

Wat self ook liefgehad het soos dit lyk,

My hart uitstort! Ek neem jou hand, die hand,

So sag soos duiwedons en net so wit,
So wit soos Negertande of soos sneeu,
Twee maal deur noorderwinde uitgesif.

POLIXENES. Wat volg hierop? Hoe pragtig wás die jongman
'n Hand wat klaar so skoon is! Ek het u
Van stryk gebring. Terug by u betuiging:
Laat my nou hoor wat u verklaar.

FLORISEL. Wees u
Daarvan getuie.

POLIXENES. En ook my buurman hier?

FLORISEL. Ook hy, en meer as hy, die mensheid, aarde
En hemel, almal saam: As ek gekroon
Was tot die keiser van die grootste ryk,
En dit met eer, as ek 'n jongman was,
So mooi dat 'k alle oë op my trek,
Met mag en kennis meer as ooit 'n mens
Besit, word sonder haar liefde alles vir
My waardeloos. Vir haar gebruik is't aan
Haar toegewy, veroordeel tot haar diens
Of tot vernietiging.

POLIXENES. 'n Gulle aanbod.

CAMILLO. Getuig van suiwer liefde.

SKAAPHERDER. Dogter, sê,
Voel jy ook so oor hom?

PERDITA. Ek kan nooit praat
So goed soos hy en ook nie dieper voel nie;
Volgens my eie gedagtes se patroon
Knip ek die suiwerheid van syne.

SKAAPHERDER. Akkoord!
Gee nou mekaar die hand. My nuwe vriende,
Sal u getuie staan: Ek gee my dogter
Aan hom, met bruidskat net so groot as syne.

FLORISEL. O, dit sal wees die waarde van u dogter.
As een sou sterf, besit ek meer as wat
U ooit kan droom. Genoeg tot u verbasing.
Maar kom, verbind ons voor d' getuie hier.

SKAAPHERDER. Kom dan, gee my jou hand, en, dogter, joue.

POLIXENES. Seun, wag 'n bietjie, asseblief. Het jy
'n Vader?

FLORISEL. Ja, maar wat van hom?

POLIXENES. Weet hy

Hiervan?

FLORISEL. Hy weet nie, en hy sal nie weet nie.

POLIXENES. 'n Vader is by sy seun se huweliksfees,

Dink ek, 'n hoog waardeerde gas. Mag ek

Weer vra: Is u vader nie tot red'like

Oorleg in staat nie? Ouderdom en jig,

Het dit hom so versuf? Kan hy nog praat,

Of hoor? En mense onderskei? Kan hy

Sy eie sake reël? Of is hy so

Bedlêend, kinds in wat hy dink en doen?

FLORISEL. Nee, waarde heer, my vader is gesond,

En sterker as die meeste van sy leeftyd.

POLIXENES. By my wit baard, as dit so is, doen u

U vader 'n onreg wat geen seun betaam.

Dis red'lik dat my seun sy bruid self kies,

Maar net so red'lik dat die vader, wat

Sy vreugde vind in 'n goeie nageslag,

In so 'n saak geraadpleeg word.

FLORISEL. Ek gee

Dit alles toe. Maar daar is ander redes,

My waarde heer, wat u nie hoef te weet nie,

Waarom ek nie my vader in hierdie saak

Betrek nie.

POLIXENES. Laat hom weet.

FLORISEL. Ek doen dit nie.

POLIXENES. Laat hom asseblief tog weet.

FLORISEL. Hy mag nie, nee.

SKAAPHERDER. Laat hom dit weet, my seun. Hy sal nooit treur

As hy jou keuse sien nie.

FLORISEL. Kom nou, nee!

Ons huwelikskontrak!

POLIXENES. Meneertjie, nee,

Jul egskeiding!

Hy haal sy vermomming af.

Ek durf jou nie my seun

Meer noem nie; jy's te laag om dit te wees.

'n Koninklike septer wag op jou,

En jy vry na 'n herderstaf! (*Tot die Skaapherder.*)

En jy,

Jou ou verraaiër, dit spyt my dat ek
Jou lewe, as ek jou ophang, nét één week
Verkort.

(*Tot Perdita.*)

En jy, van sluwe heksery
'n Jong pragstuk, natuurlik wis jy dat
'n Prinslike sot hier om jou draai.

SKAAPHERDER.

O, God.

POLIXENES. Ek sal jou skoonheid met 'n doringstruik
Bywerk, tot jy leliker lyk as jou stand.

(*Tot Florisel.*)

My seun,

My sot, as ek ooit hoor, selfs dat jy sug,
Omdat jy hierdie poppie nie meer sien nie –
Iets waarvoor ons sal sorg – dan weer ek jou
Van alle erfreg op die troon. Geen vlees
Van my meer, geen familie, selfs van Adam
Se kant! Let op my woorde! Kom nou saam
Na d' hof!

(*Tot die Skaapherder.*)

Jou lomperd, alhoewel ek kook
Van woede, sal 'k jou lewe hierdie keer
Nog spaar.

(*Tot Perdita.*)

En jy, jou stuk betowering,
Vir 'n skaapherder goed genoeg, ja, ook
Vir hom wat nog benede jou sou daal,
Tensy my eer hom red – as jy ooit weer
Die klink lig van jou herdershut om hom
Te ontvang, of met jou arms hom omhels,
Sal ek vir jou 'n dood uitdink, so wreed
Soos wat jou lyf gevoelig is vir pyn.

Af.

PERDITA. Selfs hier, gebreek, was ek nie vreeslik bang nie.

So een of twee keer wou ek praat, en hom
Reguit vertel, dat dieselfde son wat op
Sy hof skyn, vir ons hut nooit sy gelaat

CAMILLO. Ja, my goeie heer.

PERDITA. Hoe dikwels het ek u gesê dit sou
So eindig, ook voorspel my waardigheid
Sou duur tot alles geopenbaar is.

FLORISEL. Neel

Dit sal verval as ek my eed van trou
Verbreek. Laat die natuur, as dit gebeur,
Twee helftes van die aarde samepers
En al die saad daarin verdelg. Lig op
Jou ken. Onturf my, Vader, ek is net
My liefde se erfgenaam.

CAMILLO. Volg goeie raad.

FLORISEL. Dit kry ek van my liefde. As my rede
Daaraan gehoorsaam is, volg ek my rede.
Indien nie, sal my hart met veel meer vreugde
Waansin verwelkom.

CAMILLO. Dit is wanhoop, heer.

FLORISEL. Goed, noem dit so. As dit my eed vervul,

Moet ek dit sien as eerlikheid. Camillo,
Nie vir Boheme of al die praal wat dit
Beloof, selfs nie vir wat die son aanskou,
Of wat die aarde in sy skoot omvat,
Of wat die see met duisend vaam bedek,
Sal ek my eed aan my geliefde breek nie.
En daarom smee ek u, wat soveel jaar
My vader se vertroude vriend was, as
Hy my dalk mis – want ek sal hom sowaar
Nooit weer wil sien nie – laat u goeie raad
Sy woede afkoel. Maar laat my en my
Geluk vir die toekoms veg. Dit mag u weet
En hom vertel : Ek gaan op see met haar
Wat ek in hierdie land nie mag besit nie.
En tot my groot geluk lê daar 'n skip
Digby, hoewel dit nie vir hierdie plan
Bestel is nie. Waarheen ons seil, dis beter
Dat u nie weet nie, en dat ek maar swyg.

CAMILLO. My heer, ek wens u gees was meer ontvanklik

Vir raad, of sterker vir die lot wat wag.

FLORISEL. Hoor, Perdita . . .

Hy neem haar opsy. (Tot Camillo.)

Ons twee praat aanstons verder.

CAMILLO. Hy's onversetlik, vasbeslote om
Te vlug. Ek sou gelukkig voel, as ek
Sy weggaan kon benut om ook my saak
Te dien. Ek kan hom beskerm teen gevaar,
Hom liefde en eer bewys, en dan as loon
My dierbare Sicilië weer sien,
Ook die rampsalige vors, my meester, wat
Ek bitter na verlang.

FLORISEL. My vriend Camillo, ek is so oorlaai
Met dringende werk dat my gedrag soms veel
Te wense oorlaat.

CAMILLO. Heer, ek dink u het
Gehoor van die beskeie dienste, wat ek
In liefde bewys het aan u vader.

FLORISEL. Ja,
U't edele diens verrig. Sy loflied op
U daad was musiek, u paslik te
Beloon was nie die minste van sy sorge.

CAMILLO. My heer, as u glo ek het die koning lief,
En deur hom dié, wat naaste is aan sy hart,
U Hoogheid self, aanvaar dan my advies,
Indien u veel gewigtiger en reeds
Gevormde plan nog kan verander word.
Dan noem ek u 'n plek waar u – dit kan
Ek sweer – ontvang sal word soos dit u stand
Betaam; waar u met u beminde kan
Verkeer, van wie geen skeiding moontlik is,
Soos ek kan sien, behalwe – mag die hemel dit
Verhoed – net deur u ondergang. Trou daar
Met haar, en ek sal, as u weg is, hard
Probeer om d' woede van u vader te
Versag, sodat hy meer neig tot versoening.

FLORISEL. Camillo, dis 'n baster-wonderwerk,
Maar hoe kan dit gedaan word? Ek sou u
As meer dan menslik moet beskou, en dus
Volkome op u vertrou.

CAMILLO. Het u reeds aan

'n Plek gedink om heen te gaan?

FLORISEL.

Nog nie.

Maar soos die onverwagte toeval ons
Gedryf het tot 'n wilde vlug, beskou
Ons nou onself as slawe van die lot,
En dryf ons mee met elke wind wat waai.

CAMILLO. Luister na my. As u nie wil van plan

Verander nie, en met die wilde vlug
Voortgaan, maak dan Sicilië u bestemming,
Stel daar uself, u mooi prinses – want so
Beskou ek haar – voor aan koning Leontes.
Sy sal ontvang word soos u vrou verdien.
Ek dink ek sien Leontes reeds so gul
Sy arms oopmaak en sy welkomswoord
Uitsnik, en u, die seun, vergiff'nis vra
Asof u d' vader was, en hande soen
Van hierdie mooi prinsessie; en dan heen en weer
Dink aan sy hardheid vroeër, sy liefde nou,
En d'eerste na die hel verwys, en bid
Dat d'ander gouer groei as gedagte of tyd.

FLORISEL. My liewe Camillo, watter kleur gee ek

Aan my besoek?

CAMILLO.

U koning-vader het u

Gestuur met groete en vriendskapsbetuigings.
U houding teenoor hom, en wat u moet
Vertel, asof dit van u vader kom,
Die dinge wat net óns drie weet, dit alles
Sal ek neerskryf. Dit sal by elke gesprek
U lei om te weet wat u moet sê, sodat
Hy vas oortuig sal wees, dit is u vader
Se binnegedagtes en sy hart wat spreek
Deur u.

FLORISEL. Ek is u dankbaar; dit lyk veelbelowend.

CAMILLO. 'n Koers wat meer belofte inhou dan

Om roekeloos aan ongekaarte seë
En ongekende kuste jou oor te gee.
Daar gaan u net ellendes tegemoet,
Met nêrens hoop op hulp; op elke ramp
Wat u afskud, volg daar 'n hele reeks.

U ankers is ál sekerheid wat u
Daar het; maar hulle hou as hoogste plig
U vas op 'n plek waar u haat om te wees.
U weet ook, voorspoed is die beste band
Wat liefde bind, maar rampe laat sy hart
Uitdor en sy gesonde blos verbleek.

PERDITA. Een van die twee is waar: Ek reken dat
Ellende die blos op die wang kan blus, maar nooit
Die siel verower nie.

CAMILLO. Is dit u mening?
Daar sal in u vadershuis vir jare nooit
Weer so 'n vrou gebore word nie.

FLORISEL. Camillo,
Sy's soveel meer dan ek in siele-adel
As wat sy in geboorte minder is.

CAMILLO. Ek kan nie sê dis jammer sy het geen
Geleerdheid nie; selfs groot geleerdes kan
By haar kom leer.

PERDITA. Vergeef my, heer. Ek bloos
Uit dankbaarheid.

FLORISEL. My mooiste Perdita,
O, ons betree 'n doringpad! Camillo,
Die redder van my vader, nou van my,
Geneesheer van ons huis, wat moet ons doen?
Nie uitgerus as 'n Boheemse prins,
Hoe kan ek so in Sicilië verskyn?

CAMILLO. My heer, geen vrees. Ek dink u weet, al my
Besittings is daar. Dit sal my plig wees om
Te sorg dat u so vorstelik uitgerus
Verskyn, asof ek self die rol moet speel.
Byvoorbeeld heer, om u te wys dat u
In niks te kort sal skiet, kom luister hier.

(Hulle praat eenkant.)

Autolycus op.

AUTOLYCUS. Ha, ha, ha! Wat vir 'n sot is Eerlikheid! En Goedgelowig-
heid, sy geswore broer, 'n simpele ou meneertjie! Ek het al my prulle
verkoop: Geen valse edelsteen, geen lint, of reukbal, borsspeld,
sakdoek, mes of linneband, geen handskoen, veter, horingring of
armband, geen ballade – daar bly niks oor om my penswinkeltjie se

pens te vul nie. Hulle het mekaar vertrap om eerste te koop, asof my smousgoeters geheilig was en seën bring vir die koper. Deur dié omstandigheid kon ek sien wie se beursie lekker boepens is, en wat ek sien, het ek onthou. En die jong sot, wat net 'n klein bietjie kortkom om 'n redelike mens te wees, het so versot geraak op die meisiemense se liedere, dat hy geen poot wou versit, voor hy die woorde en die wysies ken nie. Dit het die ander spul so saamgetrek óm my, dat dit gelyk het of al hul sintuie in hul ore sit. Jy kon 'n onderrok van 'n lyfie steel sonder dat sy dit voel. Dit was niks om 'n vet balsak-beursie te sny nie. Ek kon sleutels afgevyd het wat aan kettings hang. Geen gehoor, geen gevoel, net maar die meneertjie se lied, en stompsinnige bewondering. In hul oomblik van versuftheid het ek die meeste van hul feesbeursies afgesny en gesteel. En as die ou man nie binnegekom het met 'n bombarie oor sy dogter en die koning se seun nie, sodat die kraaie opgefladder het van my kaf, sou daar geen dooie beursie oorgebly het in die hele kontrei nie.

Camillo, Florisel en Perdita kom na vore.

CAMILLO. Ja, maar my briewe kom op dié manier

G'lyktydig aan en los alle twyfel op.

FLORISEL. En dié wat u deur koning Leontes sal

Laat skryf?

CAMILLO. Sal u vader tevrede stel.

PERDITA. Mag u

Geseën wees! Alles wat u spreek, gee hoop.

CAMILLO. (*Sien Autolycus.*) Wie's daar? Ons maak van all's gebruik, en ons Verwaarloos niks, wat ons tot hulp kan wees nie.

AUTOLYCUS. As hulle my gehoor het, wel, dan is die galg my voorland.

CAMILLO. Hoe nou, ou kêrel! Wat bewe jy so? Moenie bang wees nie, man; ons wil jou geen kwaad aandoen nie.

AUTOLYCUS. Ek is 'n arme drommel, meneer.

CAMILLO. Behou jou arme-drommel-skap; niemand sal dit steel nie.

Maar aan die buitekant van jou armoede sal ons iets moet doen.

Vervel dus sommer dadelik, dink maar net dis dringend, en ruil dan klere met dié meneer. Hoewel hy 'n vrot ruil maak, is hier vir jou, kyk, nog 'n footjie.

AUTOLYCUS. Ek is 'n arme drommel, meneer. (*Tersy.*) Ek ken jou goed genoeg.

CAMILLO. Nee kom, opskud! Die meneer is halfpad afgestroopl

AUTOLYCUS. Maar is u ernstig, meneer? (*Tersy.*) Ek ruik lont.

FLORISEL. Opskud, sê ek.

AUTOLYCUS. Ek het al klaar 'n voorskot weg, maar dit kan ek voor my gewete nie aanvaar nie.

CAMILLO. Maak los jou gord, trek uit.

Florisel en Autolycus verwissel klere.

Gelukkige meesteres – o mag dit waar
Word, wat ek profeteer! – u moet na een
Of ander skuilplek gaan. Neem dan u vriend
Se hoed, en trek dit oor u oë, dek
U aangesig, verander, maak dat u
Totaal verskillend word van wat u was.

Ek vrees dat daar baie speurdersoë sal wees;
Maar so kan u aan boord kom, onherken.

PERDITA. Ek sien dit is 'n spel waarin ek ook
'n Rol moet speel.

CAMILLO. Dit moet. Is julle klaar?

FLORISEL. As ek my vader so ontmoet, sal hy
My nooit as seun erken nie.

CAMILLO. Nee, geen hoed.

Hy gee die hoed aan Perdita.

Kom, dame, kom. Vaarwel my vriend.

AUTOLYCUS. Tot siens.

FLORISEL. My Perdita, wat het ons twee vergeet?

Kom ons gesels.

Hulle gaan opsy.

CAMILLO. My volgende aksie: Ek vertel die koning

Van sy ontvlugting en waarheen hy seil.

My hoop is, ek sal hom beweeg en dwing

Om hulle agterna te sit. In sy

Geselskap sien ek weer Sicilië,

Na wie ek met 'n vrouehart verlang.

FLORISEL. O, gee ons spoed, Geluksgodin! Camillo,

Ons gaan na die strand.

CAMILLO. Hoe haastiger, hoe beter!

Florisel, Perdita en Camillo af.

AUTOLYCUS. Ek het die spulletjie deurgekyk, ek het alles gehoor. 'n

Sakkeroller moet 'n oop oor hê, 'n vinnige oog en 'n rats hand. 'n

Goeie neus help ok om werk vir die ander sintuie uit te ruik. Ek sien

dis nou die tyd dat die onregverdige floreer. Wat 'n geweldige ruil

sou dit, selfs sonder 'n fooritjie gewees het! Wat 'n fooi is hierdie ruil! Dit lyk of die gode ons toeknik vanjaar, en ons kan voor die vuur sommer alles waag. Die prins self is met 'n skelmstuk besig, want hy loop weg van sy pa met 'n blok aan sy been. As ek dag dis 'n eerlike ding om die koning daarvan op die hoogte te bring, sou ek dit nie doen nie; dis myns insiens nog skelmagtiger om dit te verswyg – so bly ek aan my roeping getrou.

Seun en skaapherder op.

Ek moet bietjie eenkant staan. Hier's weer stof vir 'n vinnige brein. Die end van elke laan, elke winkel of kerk, hofsitting of teregstelling lewer werk op vir 'n wakker man.

SEUN. Kyk net wat het nou van Pa geword! Daar's geen ander uitweg as om die koning te vertel sy is 'n optelkind en niks van Pa se vleis en bloed nie.

SKAAPHERDER. Nee, maar luister hier.

SEUN. Laat my klaar praat.

SKAAPHERDER. Nou toe dan.

SEUN. As sy niks van Pa se vleis of bloed is nie, het Pa se vleis en bloed nie die koning te na gekom nie; en dan kan Pa se vleis en bloed nie deur hom gestraf word nie. Wys hom die goeters wat Pa by haar gekry het, die geheimsinnige goeters, almal, behalwe wat sy by haar het. As Pa dit gedoen het, kan die wet gaan doppies blaas, so wragtag waar.

SKAAPHERDER. Ek sal die koning alles vertel, elke woord, ja, en ok sy seun se streke. Hy is, kan ek sê, nie eerlik nie, nie teenoor sy vader of teenoor my nie. Verbeel jou, om my 'n swaer van die koning te wil maak!

SEUN. Ja sweerlik, Pa sou op sy minste 'n swaer van die koning gewees het, en dan sou Pa se bloed veel duurder geword het, hoeveel per ons, dit weet ek nie.

AUTOLYCUS. (*Tersy.*) Slim bobbejane!

SKAAPHERDER. Wel, laat ons na die koning gaan. Daar's dinge in hierdie bondel, wat hom sy kop sal laat krap.

AUTOLYCUS. (*Tersy.*) Ek weet nie hoe die storie my vorige meester se vlug sal verhinder nie.

SEUN. Ons bid net hy's by sy paleis.

AUTOLYCUS. (*Tersy.*) Alhoewel ek uit my sigselwers nie eerlik is nie, word ek dit partykeer by toeval. Laat my maar die marskramer se groeisel wegsit.

Hy haal sy vals baard af.

Haai, julle boere, waarheen gaan dit?

SKAAPHERDER. Na die paleis, met U Edele se verlof.

AUTOLYCUS. Jul besigheid daar, wat, met wie, die inhoud van daardie bondel, jul woonplek, name, ouderdomme, besittings, afkoms, alles wat ter sake is – kom, praat!

SEUN. Ons is glad nie hoë mense nie, meneer.

AUTOLYCUS. Glad? Dis 'n lieg; julle is grof en harig. Los die lieg; dit pas net by winkeliers wat ons, soldate, dikwels 'n liegstuk oor die toonbank gee. Maar ons betaal daarvoor met goeie geld; dus géé hulle ons ook nie die liegstuk nie.

SEUN. U edele wou ons liemaak, maar toe 't U Edele U Edele vasgelieg.

SKAAPHERDER. As u nie omgee nie, is u van die hof, meneer?

AUTOLYCUS. Of ek omgee of nie, ek is 'n howeling. Sien jy nie die hof se houding in my klere nie? Het ek nie in my loop die statige gang van die hof nie? En ruik jou neus nie aan my die geure van die hof nie? Kyk ek nie met die hof se minagting neer op jou laagheid nie? Dink jy, omdat ek indring en jou besigheid uit jou uittrek, ek is nie 'n howeling nie? Ek is 'n howeling van kop tot toon, en een wat jou saak daar sal stoot of in die bek sal ruk. Dus, ek beveel jou, sê wat jou besigheid is.

SKAAPHERDER. My besigheid, meneer, is met die koning.

AUTOLYCUS. Wat vir advokaat het jy?

SKAAPHERDER. Askiestog, meneer, ek weet nie.

SEUN. Advokaat is aan die hof die woord vir 'n fisant.* Sê Pa het nie een nie.

SKAAPHERDER. Ek het nie een nie, meneer, geen fisant, hetsy haan of hen nie.

AUTOLYCUS. Gelukkig ons wat nie so simpel is nie!

En tog kon die natuur my so gemaak het.

Ek sal dus nie neerkyk op hulle nie.

SEUN. Dis nie altemits, hy's 'n vername howeling.

SKAAPHERDER. Sy klere is ryk, maar hy dra hulle lomperig.

SEUN. Dit is van hoë edelgeid dat hy hom so snaaks gedra. Ek wed hy is 'n groot meneer. Dit sien jy aan die manier wat hy sy tandestoker gebruik.

*In die kleiner dorpsgereshowe was 'n fisant 'n bekende omkoopmiddel, dus die beste advokaat wat jy kan gebruik vir jou saak.

AUTOLYCUS. Die bondel daar? Wat is in die bondel? En waarom daardie doos?

SKAAPHERDER. Meneer, daar lê in daardie bondel en doos soveel geheime, wat niemand as die koning mag weet nie, en wat hy binne hierdie uur sal weet, as ek by hom net praatkans kry.

AUTOLYCUS. Ou kêrel, al jou moeite is verniet.

SKAAPHERDER. Hoe so, meneer?

AUTOLYCUS. Die koning is nie in sy paleis nie. Hy het uitgeseil op 'n nuwe skip om sy swarmoedigheid te oorwin en bietjie lug te skep. Want as jou harspan oor iets ernstigs kan dink, weet dan, die koning is diep bedroef.

SKAAPHERDER. So sê hulle, meneer; oor sy seun wat met 'n skaapherder se dogter sou trou.

AUTOLYCUS. As daardie skaapherder nie gevange sit nie, moet hy vlug. Die vloeke wat op hom sal val, die folterings wat hy sal voel, sal die rug van 'n reus en die moed van 'n monster breek.

SEUN. Dink u so, meneer?

AUTOLYCUS. Nie hy alleen sal ly die swaarste wat verbeeldingskrag, die bitterste wat wraak ooit kan bedink nie. Almal wat familie is van hom, al is dit ook van Adamskant, sal aan die galgtou swaai, iets wat wel bitterjammer is, maar tog noodsaaklik. Verbeel jou 'n skurk van 'n ou skaapwagter, 'n ramteler, wil nou sy dogter opteel tot prinses! Party sê hy sal gestenig word; maar daardie dood is te sag vir hom, sê ek. Om ons troon af te sleep na die miskraal! Al die soorte vrektes bymekaar is nog te min, en die pynlikste te mak vir hom.

SEUN. Weet u of die ou man 'n seun het, meneer, asseblief meneer.

AUTOLYCUS. Hy het 'n seun wat hulle lewendig sal afslag, dan met heuning sal self, op 'n perdebynes sal vasmaak, en daar sal laat staan tot hy 'n raps oor driekwart dood is. Dan sal hulle hom laaf met lewensessens of warm balsemkopiwa; en so rou soos hy is, sal hulle hom op die warmste dag volgens die kalender teen 'n baksteenmuur laat staan, terwyl die suiderson afkyk in sy oë en sien hoe hy dik gesteek word deur insekte. Maar basta verder praat oor die verraderlike skurke, oor wie se ellendes ons moet glimlag omdat hul misdade so groot is! Sê my – want julle lyk vir my eerlike, eenvoudige mense – wat se besigheid het julle met die koning? Vir so 'n redelike beloninkie, sal ek julle bring na sy skip, julle aan hom voorstel, en 'n goeie woordjie vir julle doen. As daar, behalwe die koning, iemand in die wêreld is wat julle saak goed kan stel, hier staan hy voor julle.

SEUN. (*Tersy tot die herder.*) Hy lyk 'n man van groot gesag. Maak 'n akkoord met hom, en gee hom geld. Al is 'n man in 'n hoë posisie so 'n koppige ou beer, sal hy met goud hom dikwels aan die neus laat lei. Toon die binnekant van Pa se beurs aan die buitekant van sy hand sonder verder nonsies. Onthou die ,gestenig' en ,lewendig afgeslag'.

SKAAPHERDER. Assamblijf, meneer, as meneer die sakkie vir ons sal reël, hier's al die goudgeld wat ek het. Ek sal nóg soveel gee, en die jongman agterlaat as borg, tot ek dit bring.

AUTOLYCUS. Na ek gedoen het wat ek beloof?

SKAAPHERDER. Ja, meneer.

AUTOLYCUS. Gee my die helfte. Is jy ok saam in hierdie besigheid?

SEUN. So op 'n manier, meneer. Alhoewel my saak maar treurag lyk, maak dit my saak nog treuriger as ek afgeslag moet word.

AUTOLYCUS. O, dis die geval van die skaapherder se seun. Hang hom op as voorbeeld vir almal.

SEUN. (*Tot sy vader.*) Troos, salige troos! Laat ons na die koning gaan en hom die vreemde dinge laat sien. Hy moet weet dis glattental nie Pa se dogter of my suster nie; anders is dit klaarpraat met ons. (*Tot Autolycus.*) Meneer, ek sal u net soveel gee as hierdie ou man, wanneer die saak afgehandel is, en ek sal, soos hy beloof het, hier bly as waarborg tot die geld oorhandig is.

AUTOLYCUS. Ek sal jou vertrou. Loop vooruit na die see se kant, en hou altyd regs. Ek moet eers agter die heining my besigheid doen, dan volg ek julle.

SEUN. Die man is vir ons 'n seën, ek wil maar sê, hy is 'n seën.

SKAAPHERDER. Laat ons vooruitloop, soos hy gevra het. 'n Hoër Hand het hom gestuur om ons te help.

Skaapherder en seun af.

AUTOLYCUS. As ek sou droom om eerlik te wees, sou die Geluksgodin my nie toelaat nie. Sy laat nou pap reent in my mond. Ek word genooi vir 'n dubbele geluiskoot: Goud, en die geleentheid om die prins, my meester, 'n guns te bewys, wat wie weet hoeveel vir my voordeel kan beteken. Ek sal die twee blindemolle by hom aan boord bring. As hy dink hy moet hulle maar weer aan land sit, en dat die klagte wat hulle by die koning wil indien, hom nie raak nie, kan hy my maar uitskel vir 'n skelm wat bemoeisiek is. Aan daardie titel en die skande wat dit meebring, is ek lankal gewend. Aan hom sal ek hulle voorstel! Dalk bring dit iets in die sak. *Af.*

VYFDE BEDRYF

Eerste Toneel

Leontes, Cleomenes, Dion, Paulina en dienaars op.

CLEOMENES. Heer, U't genoeg gedaan, met heil'ge erns
Het u geboet. Vir elke fout van u
Verlede is nou u skuld gedelg. U't meer
Berou getoon dan u vergrype verg.
Doen nou oplaas ook wat die hemel doen,
Vergeet u sondes, en vergewe uself.

LEONTES. So lank as ek haar deugde en haar onthou,
Kan ek my sondevlekke nooit vergeet nie,
Ook nie die kwaad teenoor myself. Ek het
My koninkryk van 'n erfgenaam beroof,
Myself van d' liefste vrou waarop ooit 'n man
Sy hoop gevestig het.

PAULINA. Maar al te waar,
My heer. As u met al die vrouens van
Die wêreld een vir een sou trou, en dan
Almal se beste deugde saam sou voeg
Om 'n volmaakte vrou te skep, kry u
Nooit die gelyke van die vrou wat u
Vermoor het nie.

LEONTES. U's reg. Vermoor het, sy
Wat ek vermoor het! Daardie woord van u
Slaan bitter hard. Dit lê so bitter op
My tong soos op my gees. Nou, goed en wel,
Moenie dit dikwels sê nie.

CLEOMENES. Sê dit nooit,
My liewe dame. U kon duisend dinge
Gesê het wat die tydstip beter dien
En waar u goedheid beter uit sou straal.

PAULINA. U's een van hulle wat wil hê hy moet
Weer trou.

DION. As u dit afkeur, het u geen
Besorgdheid oor ons staat, geen liefde vir
Ons koningshuis. U't geen besef van al

Die rampe wat ons staat sou tref en al
Ons burgers, wat dit magteloos aanskou,
Indien Sy Hoogheid kinderloos sou sterf.
Hoe vroom ons ook al bid vir d' siel van die
Oorledene, nog vromer moet ons bid
Dat d' koningskap behoue bly, dat vir
Ons rus vandag en vir ons toekomsheil
Sy Majesteit weer sal geseën word
Met 'n eggenote wat hy liefhet.

PAULINA.

Geen

Persoon is waardig om die plek te vul
Van haar wat weg is. Buitendien word net
Die raadsbesluite van die gode nou
Vervul. Die god Apollo't self gesê
Koning Leontes sal sonder erfgenaam
Moet bly tot sy verlore kind gevind is.
Dat dít sou kan gebeur, gaan net so teen
Ons red'like verwagting in as dat
My man, wat met die kind gesterf het, uit
Sy graf terug sal keer na my. U raad
Is dat ons heer hom teen die gode sal
Versit en hulle wil weerstreef!
(*Tot Leontes.*)

U moet

U nie oor 'n erfgenaam bekommer nie;
Die kroon sal wel een vind. Groot Alexander
Het syne aan die waardigste bemaak.
Hy sou dus deur die beste opgevolg
Moet word.

LEONTES. Paulina, ja, ek weet u eer

Die nagedagt'nis van Hermione.
O had ek my maar aan u raad gehou
Dan sou ek nog die pragtige oë van
My vrou besit het en die weelde van
Haar mond.

PAULINA. Wat ryker word in weelde deur
Wat sy aan ander gee.

LEONTES.

Volkome waar.

Geen vroue meer soos sy; vir my dus geen

Vrou meer. As ek haar mind're beter sou
Behandel, sou my vrou haar saligheid
Afwerp, haar liggaam weer betrek, en as
Gekwelde gees op die toneel verskyn
Voor ons, die skuldiges, en vra: „Waarom
Is ek so sleg behandel?”

PAULINA. As sy dit
Kon doen, sy't alle reg daartoe.

LEONTES. Dis waar,
En sy sou my so woedend maak dat ek
Die ander vrou vermoor.

PAULINA. Dit sou ek ook.
Was ek die gees wat wandel, sou ek u
Beveel om in haar oë te kyk, en om te sê
Vir watter dowwe skyn u haar verkies het.
Dan sou ek hierdie woorde skreeu totdat
U ore skeur: „Onthou my oë!”

LEONTES. Twee
Paar sterre, ander oë is dooie kole!
Geen vrees, Paulina, ek sal nooit weer trou nie.

PAULINA. Maar sal u sweer dat u nooit weer sal trou nie,
Tensy met my verlof?

LEONTES. Paulina, nooit,
So by my siel!

PAULINA. Goed, here, u't sy eed
Gehoor.

CLEOMENES. Maar u dryf hom te ver.

PAULINA. Tensy
'n Ander op Hermione lyk net
Soos haar portret, en sý voor hom verskyn.

CLEOMENES. Mevrou . . .

PAULINA. Ek 't klaar gepraat. Maar as my heer
Wil trou – geen ander genade, u wil trou –
Gee my die opdrag om u koningin
Te kies. Sy sal nie heeltemal so jonk
Wees, maar só lieflik, dat u eerste vrou
Se gees, as dit sou wandel, bly sou wees
Om u omhelsing te aanskou.

LEONTES. My liewe

Paulina, 'k sal nooit trou nie, voordat jy
Dit aanbeveel.

PAULINA. En dit sal wees wanneer
U eerste vrou weer asemhaal, nie vóór
Die tyd nie. *'n Dienaar op.*

DIENAAR. Iemand – hy noem homself Prins Florisel,
Polixenes se seun – met sy prinses,
Die mooiste wat ek ooit aanskou het, wil
U Hoogheid spreek.

LEONTES. Wat kan dit wees? Hy kom
Sonder die koningshof se luister. Sy
Besoek, so weinig vormelik, onverwags,
Lyk veel meer noodgedwonge as vooraf
Beplan. Het hy gevolg?

DIENAAR. Maar net 'n paar,
Sleg toegerus.

LEONTES. En by hom sy prinses?

DIENAAR. Die mooiste aardse wese wat die son
Ooit op geskyn het.

PAULINA. O, Hermione,
Soos elke hede homself hoër ag
As 'n beter tyd van die verlede, so
Moet jy swig in jou graf voor wat ons nou
Hier sien! Heer, u het self eenkeer gesê,
En dit op skrif: – U woorde is vandag
Veel kouer as die dode wat u prys –
„Sy is nog nooit, en niemand sal haar ooit
Kan ewenaar nie.” So't u hooglied op
Haar skoonheid tóé geklink. U ebgety
Is nou, dat u iemand anders hoër prys.

DIENAAR. Neem my nie kwalik nie, mevrou:
Die een het ek – vergewe my – byna
Vergeet. As daardie ander een u oog
Gevang het, sal sy ook u tong verower.
Sy's so 'n wese, as sy 'n sekte sou begin,
Sou sy die geesdrif van die vurigste
Belyers van 'n ander godsdiens demp,
En proseliete maak van almal wat
Sy vra om haar te volg.

PAULINA. Wat? Selfs van vrouens?

DIENAAR. Die vrouens sal haar liefhê omdat sy
As vrou in waarde elke man oortref,
Die mans, omdat sy 'n seldsaam mooie vrou is.

LEONTES. Cleomenes, gaan met jou ed'le vriende
En bring hulle hier, waar ons hulle kan verwelkom.
Cleomenes en ander af.
Dit is tog vreemd dat hy ons onverwags
Besoek.

PAULINA. Ag, het ons prins, juweel van 'n kind,
Maar hierdie uur beleef! Die twee sou saam
'n Pragtige paar gewees het, nog geen maand
Verskil in leeftyd.

LEONTES. Hou op, asseblief!
U weet hy sterwe vir my weer wanneer
Van hom gepraat word. As die jonge man
Voor my verskyn, dan sal u woorde in my
Gedagtes wek wat my tot waansin dryf.
Hulle is al hier.

Florisel, Perdita, Cleomenes en ander op.

U moeder, Prins, was aan
Haar huw'likseed getrou, want sy het, toe
Sy u verwag het, in haar skoot u vader
Se beeld volmaak gevorm. Gelykenis,
Presiese houding, alles tref my so
Dat, as ek een en twintig was, ek u
My broer sou noem, soos ek met hom gedaan het,
En selfs oor kattedwaad sou klets wat ons
Twee saam gedoen het. Baie hartlik welkom!
En u, Prinses, so mooi soos 'n godin!
Helaas, ek 't twee verloor wat tussen hemel
En aarde net soveel bewondering sou
Gewek het as julle allerliefste paar.
En dan het ek deur eie dwaasheid ook
Verloor die vriendskap en geselskap van
U nobele vader. As ek in my groot
Ellende tog begeer om langer te leef,
Is't net die hoop om hom nog weer te sien.

FLORISEL. Op sy bevel het ons Sicilië

Besoek, en ons bring u die groete wat
'n Koning en 'n vriend sy broer toewens.
As dit nie was vir swakheid, wat saamgaan
Met ouderdom en al sy kragte sloop,
Sou hy die land en see wat ú troon skei
Van syne, graag, trotseer het om u weer
Te sien. Hy het u meer lief – dit sê ek
Op sy bevel – as al die septers in
Die wêreld en hulle wat die septers swaai.

LEONTES. My broer, jy, fynste gees, die kwaad wat ek
Jou aangedaan het, vreet opnuut aan my.
En hierdie vriend'like begroeting laat
My skerper voel die sonde van my versuim.
Wees welkom hier, soos elke lente op aarde.
En het hy ook die pragstuk blootgestel
Aan ruwe, op sy mins, onvriend'like
Geweld van d' seegod Neptunus, en dit
Om 'n man te groet wat nòg haar moeite werd is,
Nòg die gevaar wat sy self loop.

FLORISEL. My heer,
Sy kom van Libië.

LEONTES. Waar die dapper Smalus,
Die nobele heer, gevrees maar ook bemin word?

FLORISEL. Vandaar, my Koninklike Heer, van hom
Wat onder trane by die afskeid nog
Getuig het dat my bruid sy dogter is,
Het ons met 'n gunstige suidewind hierheen
Geseil om die opdrag van my vader uit
Te voer deur ons besoek aan u. Ek het
Die grootste deel van my gevolg maar weer
Van u Siciliaanse kusstreek na
Boheme t'ruggestuur om te vertel,
Nie net van my sukses in Libië nie,
Maar van ons twee se veilige aankoms hier
Waar ons nou is.

LEONTES. O, mag die gode al
Die lug rondom Sicilië suiwer van
Besmetting in die tyd wat u hier bly!
U vader was 'n edele mens; maar ek

Het teenoor hom, so vlekloos suiwer soos
Hy is, my gruwelik besondig, en
Die hemel het in toorn daaroor my
Van nageslag beroof. Die gode't hom,
Soos hy verdien, geseën met u, 'n seun,
Sy vader waardig. Wat sou ek nie gee
Om 'n seun en dogter voor my oog te sien,
Pragtig soos julle tweel *'n Edelman op.*

EDELMAN. My Edele Heer,

Wat ek u moet vertel, sou geen geloof
Gewek het, was dit nie dat die bewys
Volg op my voet. Met u verlof, my heer,
Die koning van Boheme self groet u
Deur my. Hy eis gevangening van
Sy seun, wat teen sy plig en waardigheid
As prins sy vader en sy toekoms nou
Ontvlug, dít met die dogter van 'n herder.

LEONTES. Waar is die koning van Boheme? Praat!

EDELMAN. Hier in u stad. Ek kom nou van hom af,

Ek praat verward; dit kom deur my verbasing,
Ook deur die tyding wat ek bring. Terwyl
Hy haastig na u hof op weg was om
Die pragtige paar te agtervolg, ontmoet
Hy langs die weg die sogenaamde dame
Se vader en haar broer wat saam met die
Jong prins hul land verlaat.

FLORISEL. *Camillo't my*

Verraai, hy wat in eer en eerlikheid
Tot dusver alle storms kon trotseer.

EDELMAN. Beskuldig hom, hy's by u koning-vader.

LEONTES. U sê Camillo?

EDELMAN. *Ja, Camillo, heer.*

Ek het met hom gepraat, wat nou die twee
Persone ondervra. Nog nooit het ek
Twee arme drommels so sien beef, hulle kniel,
Hulle soen die aarde, hulle pleeg meined
By alles wat hulle sê. Die koning van
Boheme stop sy ore, dreig met dood
Op dood die twee.

PERDITA. My arme vader, o,
Die hemel stuur spioene op ons af
Om so ons huwelik te voorkom.

LEONTES. Is u
Getroud?

FLORISEL. Nee, heer, dit sal waarskynlik nooit
Gebeur nie. Sterre bo my hoof moet eers
Die dale kus, want hoog en laag se kans
Is nou gelyk.

LEONTES. My heer, is dit 'n koning
Se dogter?

FLORISEL. Ja, sodra sy trou met my.

LEONTES. Maar die ,sodra' sal traagsaam naderkom,
Te oordeel na u vader se spoed. Dit spyt
My vreeslik dat u losgebreek het van
Die vaderliefde, wat u plig was; dit
Spyt my nog meer dat, vir u blywende
Geluk, die vrou wat u verkies het, nie
In rang haar skoonheid ewenaar nie.

FLORISEL. Liefling,
Hou moed. Hoewel die lot ons blykbaar so
Vyandig met my vader agtervolg,
Het hy oor ons liefde geen die minste mag.
Ek smeek u, heer, dink aan die dae toe u
My leeftyd was, herleef weer u gevoel
Van tóé, en word my advokaat. Op u
Versoek sal Vader kosbaarhede skenk
Asof dit niks is.

LEONTES. Doen hy dit, dan sou
Ek hom vra om jou minnares aan my
Te skenk, wat hy tog minderwaardig ag.

PAULINA. My Koning, Heer, u oog is ver te jonk.
Geen maand tyd voor u koningin se dood
Was sy veel meer bewondering werd as dié
Na wie u staar.

LEONTES. Ek het aan haar gedink
By wat ek hier bewonder.

(Tot Florisel.)

U versoek

Moet nog beantwoord word. Nou goed, ek sal
Na u vader gaan. Indien u eer met u
Begeertes klop, is ek daarin u vriend.
Met hierdie doel gaan ek nou na u vader.
Volg my, en sien of ek sukses behaal.
Af.

Tweede Toneel

Autolycus en edelman op.

AUTOLYCUS. Sê my, meneer, was u by die affêre?

EERSTE EDELMAN. Ek was daar toe die bondel oopgemaak is, en het gehoor toe die ou skaapherder vertel hoe hy dit gekry het. Na enkele oomblikke van verbystering is ons almal uit die kamer weggestuur. Net dit, ek dink ek het gehoor die skaapherder sê hy het die kind daar gekry.

AUTOLYCUS. Ek sou baie graag wil weet wat die uitkoms van dit alles is.

EERSTE EDELMAN. Ek gee maar brokstukke van die hele besigheid. Maar die veranderings wat ek in die koning en Camillo se gesigte gesien het, was ware uitroepstekens van verbasing. Dit was asof, wanneer die een na die ander staar, elkeen sy oë uit sy kaste kyk. In hulle stomheid was daar spraak, en elke gebaar was taal. Hulle kyk asof hulle staan voor 'n wêreld, vrygekoop, of een vernietig. Die sigbare tekens van verbasing was wel daar by hulle; maar die wysste waarnemer, wat nie meer weet as wat hy sien, sou nie kon sê of dit beteken vreug of smart nie, net dat dit die uiterste van een of die ander was.
'n Tweede edelman op.

Hier kom 'n edelman aan wat miskien meer sal weet. Wat is die nuus, Rogero?

TWEEDE EDELMAN. Niks as vreugdevure. Die orakel is vervul, die koning se dogter is gevind. Soveel wondere het in hierdie uur opgebloeit, dat selfs balladedigters dit nie kan bewoord nie.

Derde edelman op.

Hier kom die hofmeester van Vrou Paulina; hy kan u meer vertel. Hoe gaan dit, heer? Die nuus, wat deurgaans vir die waarheid, lyk soveel op 'n storie uit die ou tyd, dat dit betwyfel word. Het die koning 'n erfgenaam gevind?

DERDE EDELMAN. Waaragtig waar, as waarheid ooit bewys word deur omstandighede. U sal wil sweer dat u gesien het wat u hoor – so stem dit alles ooreen: Die mantel van koningin Hermione, die halsband met 'n juweel om die kind se nek; die briewe van Antigonus, so duidelik in sy eie handskrif; die heerlikheid van haar ooreenkoms met haar moeder; die natuurlike adel wat uitstyg bo haar geboorte, en talle ander bewyse toon dat sy die koning se dogter is. Het u die ontmoeting tussen die twee konings gesien?

TWEEDE EDELMAN. Nee.

DERDE EDELMAN. Dan het u 'n toneel gemis wat moet gesien word want dis onbeskryflik. Daar sou u aanskou het hoe een vreugde op die ander volg, op so 'n manier dat dit gelyk het asof verdriet ook huil, toe sy van hulle afskeid neem, want hulle vreugde het verdrink in tranes. Daar is oë opgeslaan, daar is hande omhoog gehou, met gesigte so vertrek, jy kon hulle nog net aan hul klere, nie meer aan hul voorkoms ken nie. Ons koning, wat uit sy vel kon spring van vreugde oor sy gevonde dogter, skreeu hardop asof die vreugde 'n verlies geword het: „O, jou moeder! Jou moeder!” Dan vra hy die koning van Boheme om vergiffenis; dan omhels hy weer sy skoonseun; dan weer bring hy sy dogter in verleentheid deur haar teen hom vas te druk; nou dank hy weer die ou skaapherder, wat daar naby staan soos 'n verweerde waterspuit wat baie konings reeds oorleef het. Ek het nog nooit van so 'n ontmoeting gehoor nie; dit laat elke navertelling flou klink, elke beskrywing magteloos.

TWEEDE EDELMAN. Maar sê my, wat het geword van Antigonus, wat die kind van hier weggeneem het?

DERDE EDELMAN. Nog weer 'n ou verhaal wat die moeite werd is om te vertel, al is geloof aan slaap en elke oor gesluit. 'n Beer het hom verskeur – dit verklaar die skaapherder se seun, en ons enigste waarborg is sy argloosheid (hy's vreeslik simpel), en dan Antigonus se sakdoek en ringe wat Paulina geëien het.

EERSTE EDELMAN. Wat het geword van sy skip en sy gevolg?

DERDE EDELMAN. Gestrand in die oomblik van hul meester se dood, en voor die oë van die skaapherder. So is almal wat behulpsaam was, toe hulle die kind te vondeling laat lê het, verlore toe sy gevind is. Maar, o, die nobele tweestryd tussen vreugde en smart wat daar gewoed het in Paulina! Een oog terneergedruk oor haar man se dood, een oog verheug dat die orakelspreuk vervul is! Sy tel die prinses van die aarde af op en druk haar so vas teen haar bors, asof sy haar wil

vasklamp aan haar hart, sodat daar geen gevaar meer is om haar te verloor nie.

EERSTE EDELMAN. Hierdie skouspel was waardig om voor konings en prinse vertoon te word, want dis deur hulle uitgevoer.

DERDE EDELMAN. Een van die fynste tafereeltjies van almal – een wat gehengel het na my oë en water gevang het maar geen vis –, was dié een waar, by die verhaal van die koningin se dood, deur die koning eerlik beskryf en ook betreur, sy dogter so diep in haar hart gewond is, dat sy in een na die ander uiting van smart verval het, en eindelijk met 'n ,helaas' ek wil byna sê, bloed geweene het, want ek weet seker my hart het bloed gesweet. Die marmerkoudste gesig het kleur gekry, party het flou geval, en almal het getreur. As die hele wêreld dit gesien het, sou smart die heelal aangegryp het.

EERSTE EDELMAN. Is hulle na die hof terug?

DERDE EDELMAN. Nee, die prinses het hier gehoor van 'n standbeeld van haar moeder in Paulina se besit, 'n beeld, na baie jare voltooi deur dié seldsame Italiaanse meester, Julio Romano, wat, as hy onsterflik was en lewe sou kon inblaas in sy werk, natuur se taak kon oorneem deur haar suiwer na te boots. So presies Hermione het hy Hermione uitgebeeld, dat, volgens hulle sê, mens voel of jy haar sou kan aanspreek en op 'n antwoord wag. Daar is hulle in alle gretigheid en liefde heen met die plan om sommer daar te eet.

TWEEDE EDELMAN. Ek dag sy had iets groots op hande daar; want sy het sedert Hermione se dood twee, drie keer per dag die afgeleë huis besoek. Sal ons daarheen gaan en deelneem aan die vreugde?

EERSTE EDELMAN. Wie sou dit wil mis, as hy die voorreg het om daar teenwoordig te wees. Met elke oogwenk gaan 'n nuwe wonder voor ons oop. Deur ons afwesigheid verspeel ons elke kans om meer te weet. Kom ons gaan.

Drie Edelmanne af.

AUTOLYCUS. As dit nie was dat die vuil kolle van my vroeër lewe op my uitslaan nie, sou gunste en gawes nou op my neergereën het. Ek het die ou kêrel en sy seun by die prins aan boord gebring, en hom gesê ek het hulle hoor praat van 'n bondel weet-ek-wat. Maar hy was daardie tyd smoorverlief op die herdersdogter, soos hy gedink het, wat net vreeslik seesiek begin word het; en hy sy sigselwers was ok nie te waffers in die aanhoudende vrot weer nie, en so het die geheim nooit aan die lig gekom nie. Maar, ag, dit kan my niks skeel nie. As ek die geheim ontdek het, sou dit tog deur my stink reputasie al sy geur verloor het.

Skaapherder en sy seun op.

Hier kom hulle, aan wie ek teen my wil 'n weldaad bewys het, en hul voorspoedigheid staan in volle blom.

SKAAPHERDER. Kom, Seun; my tyd vir nog meer nakroos is verby, maar jou seuns en dogters sal gebore edelliede wees.

SEUN. (*tot Autolycus.*) Goed dat ek jou ontmoet, meneer. Jy het nou die dag geweier om met my te veg, omdat ek geen gebore edelman was nie. Sien jy hierdie klere? Of sien jy hulle nie, en sê jy nog ek is geen edelman gebore nie. Dan kon jy net sowel sê, hierdie klere is nie edelmanne gebore nie. Sê vir my ek lieg; toe, en kyk of ek 'n edelman gebore is.

AUTOLYCUS. Ek weet u is dit nou, meneer, 'n edelman gebore.

SEUN. Ja, ek is dit al die hele vier uur wat verby is.

SKAAPHERDER. Ek ok, seun.

SEUN. Net so. Maar ek is 'n edelman gebore voor my pa; want die koning se seun het my hand gevat en my 'broer' genoem; en toe het die twee konings my vader 'broer' genoem; en toe het die prins, my broer, en die prinses, my suster, my pa Pa genoem; en toe het ons gehuil; en dit was die eerste adeltrane wat ons ooit gehuil het.

SKAAPHERDER. As ons die lewe hou, seun, kan ons nog baie stort.

SEUN. Ja, dis wel so; anders sou dit jammer wees, nou dat ons so ryk geadel is.

AUTOLYCUS. Ek smEEK u nederig, meneer, om my alles te vergewe wat ek teen U Hoogheid gesondig het, en om vir my 'n goeie woordjie te doen by die prins, u meester.

SKAAPHERDER. Doen dit, Seun. Ons moet edelmoedig wees, nou dat ons edelmanne is.

SEUN. Sal jy 'n beter lewe lei?

AUTOLYCUS. Om u te dien, U Hoogheid.

SEUN. Gee my jou hand. Ek sal sweer voor die prins dat jy so eerlik en getrou is as enige vent in Boheme.

SKAAPHERDER. Jy mag dit sê maar dit nie sweer nie.

SEUN. Dit nie sweer nie, nou dat ek 'n edelman is? Laat boere en burgermannetjies dit sê, ék sal dit sweer.

SKAAPHERDER. Wat, as dit vals is, Seun?

SEUN. Al is dit hoe vrek-vals, 'n ware edelman mag dit sweer vir sy vriend. En ek sal voor die prins sweer jy is 'n dapper vent by 'n bakleiry, en dat jy jou nie sal besuip nie. Ek weet wel jy is nie dapper met jou vuiste nie, en jy sal jou besuip. Maar ek gaan dit nogtans

sweer, en ek hoop jy bly 'n dapper vent in 'n geveg.

AUTOLYCUS. Ek sal my bes doen om dit te wees, meneer.

SEUN. Ja, maar wees in alle opsigte 'n dapper vent. As ek nie wonder hoe dit moontlik is dat jy kan waag om dronk te wees, sonder dat jy 'n dapper vent is nie, skryf my af. Luister! Die konings en die prinse, ons familie, gaan kyk na 'n petret van die koningin, kom, volg ons; ons sal daar jou voorspraak wees.

Af.

Derde Toneel

Leontes, Polixenes, Florisel, Perdita, Camillo, Paulina, Edelmanne en gevolg op.

LEONTES. My goeie, ernstige Paulina, jy

Was my tot soveel troos.

PAULINA. My Heer en Koning,

Wat ek nie goed gedoen het nie, het ek

Wel goed bedoel. My dienste is almal ryk

Beloon. Dat u en u koninklike broer,

En die verloofde erfgename van

Twee ryke hier my skamele huis besoek,

Is so 'n toppunt van genade dat

My verdere lewe dit nooit kan vergoed nie.

LEONTES. Paulina, d'eer wat ons jou bring, is jou

Tot las. Ons sou tog graag die standbeeld van

Ons koningin wil sien. Jou galery

Het ons besoek met veel plesier in al

Die seldsaamhede. Maar die een ding wat

My dogter graag wou sien, die standbeeld van

Haar moeder, het ontbreek.

PAULINA. So weergaloos

Soos sy geleef het, so oortref nou ook

Haar doodsbeeld na my mening al wat u

Aanskou het of 'n mensehand gemaak het.

Ek hou dit daarom eensaam en apart.

Maar hier is dit: Berei u voor om lewe

Volmaak verbeeld te sien, soos slaap die dood

Naboots. Kom kyk, en sê dan dit is goed.

Paulina trek 'n gordyn en daaragter staan Hermione soos 'n standbeeld.

Ek hou van u stilte; daaruit spreek nog meer

Verbasing. Praat tog, eerste u, my Koning.

Is dit so min of meer haar ewebeeld?

LEONTES. Haar stand, presies! Bestraf my, dierbare steen,

Dan weet ek seker jy's Hermione!

Of nee, juis deur jou swye is jy haar beeld,

So teer soos ons kindertyd, en soos genade.

Paulina, nogtans, ek verbeel my dat

Hermione minder plooië op haar gesig had,

En dat sy jonger was.

POLIXENES. Nie veel nie.

PAULINA. So

Groot is ons beeldhouer se verdienste. Hy

Het sestien jaar verby laat gaan en haar

Gemaak asof sy nou nog leef.

LEONTES. Sy kon

Nou nog geleeft het, net soseer my siel

Se vreugde as wat haar dood my bitter pyn is.

O, so het sy gestaan, toe ek na haar

Gevry het, net so vorstelik, net so warm,

Soos hierdie standbeeld koud is. O, ek skaam my.

Dis net asof die marmer my verwyf,

Dat ek nog kouer is. O, vorst'like beeld!

Jou majesteit het towerkrag, dit het

Al my vergrype helder opgeroep,

En jou ontroerde dogter so verdwaas,

Dat sy self soos 'n marmerstandbeeld staan.

PERDITA. Met u verlof, moet nooit dit bygeloof

Noem, dat ek kniel en om haar seën vra:

O dierbare Koningin, u majesteit

Het doodgeloop met my geboorte. Gee

My nou u hand dat ek dit soen.

PAULINA. Geduld!

Die beeld is pas voltooi, die verf is nog

Nie droog nie.

CAMILLO. Heer, u smart lê veels te diep;

Die wind van sestien winters kan dit nooit

Verwaaï nie; sestien somers kan dit nooit
Verdor nie; vreugde het nooit so lank geduur nie,
En smart sou vóór die tyd selfmoord gepleeg het.

POLIXENES. My liewe broer, gee hom wat oorsaak was
Van alles, reg om soveel van jou smart
Op hom te laai as hy kan dra.

PAULINA. Sowaar,
My heer, as ek gedink het die vertoon
Van hierdie standbeeld – net die marmer is
Van my – sou u so aangryp, sou ek u
Dit nooit gewys het nie.

LEONTES. Nee, moenie die
Gordyn toetrek nie.

PAULINA. U mag nie meer langer
Die beeld aanskou nie; u verbeelding sal
Dalk dink dit leef.

LEONTES. Laat dit so wees . . . Mag ek
Dood neerslaan as dit nie . . . Ek sien alreeds . . .
Wie het die beeld gemaak? Kyk daar, my heer,
Sou u nie dink dat dit asemhaal, en dat
Daar regtig bloed in daardie are vloei nie?

POLIXENES. 'n Meesterstuk, haar lippe lewenswarm.

LEONTES. Die weerskyn gee haar oë ook beweging,
Soos kuns spot met ons sinne.

PAULINA. Ek sal die
Gordyn moet trek. My heer is so verruk,
Dat hy netnou sal dink dit leef.

LEONTES. Paulina,
Laat my vol twintig jaar aaneen so dink!
Die wêreld se vaste feitelikheid kan nooit
Die waansin van my vreugde ewenaar nie.
Los die gordyn.

PAULINA. Dit spyt my, heer, dat ek
U so ontroer het. Maar ek kan u nog
Veel dieper tref.

LEONTES. Doen dit, Paulina, ja!
Want hierdie smart is 'n soet middel wat
Die hart versterk. Ek dink nogtans daar straal
Iets van haar uit. Maar watter beeldhoukuns

Kan asemhaling vasvang? Moet my nie
Uitlag nie, want ek gaan haar soen.

PAULINA. My heer,
Versigtig, daardie lipprooi is nog nat!
U sou dit net bederwe en uself
Met verf besmeer. Sal ek nou die gordyn
Toetrek?

LEONTES. Nee, in geen twintig jaar!

PERDITA. En ek
Kan net so lank hier staan en staar.

PAULINA. Dis een
Van twee: Verlaat op staande voet nou die
Kapel, of maak u klaar vir meer verbasing
As u daarteen bestand is, ek kan maak
Dat d' beeld beweeg, afklim, en u groet met
Die hand. Maar u sal dink – daarteen maak ek
Beswaar – dat ek op bouse magte steun.

LEONTES. Wat u haar kan laat doen, dit wil ek graag
Aanskou, en wat sy praat, wil ek graag hoor;
Dis net so maklik om haar te laat beweeg
As praat.

PAULINA. Laat almal hul geloof versterk
En stil bly staan. Maar die wat dink dat ek
Hier ongeoorloof dinge doen, kan nou
Vertrek.

LEONTES. Gaan voort. Daar sal geen voet verroer nie.

PAULINA. Musiek, dis tyd om haar te wek. Musiek!
Musiek klink op.

Dis tyd, kom af; geen marmer meer; kom nader;
Slaan met verbyst'ring almal wat dit sien!
Ek sal u graf demp. Kom! Nee, kom nou weg,
Laat aan die dood jou dowwe roerloosheid,
Die liewe lewe't jou van hom bevry.
U sien, sy roer.

Hermione tree van haar voetstuk af.

Maar moenie skrik nie, al
Haar hand'linge sal heilig wees, soos ook
My mag oor haar.

(Tot Leontes.)

U durf u nie afwend

Voor U haar weer sien sterf nie; anders het
U haar twee keer vermoor. Gee haar u hand.

Toe sy jonk was het u na haar gevry;

Moet sy in haar ouderdom die leiding neem?

LEONTES. O, sy is warm! As towerkuns so is,

Mag dit so wettig word soos eet en drink!

POLIXENES. Sy't hom omhels!

CAMILLO. Sy hang om sy nek! As sy,

As sy van hierdie lewe is, moet sy

Ook praat!

POLIXENES. En laat haar openbaar waar sy

Geleef het, hoe sy van die dood bevry is!

PAULINA. As doodgewoon vertel was dat sy leef,

Sou almal net gelag het dis 'n ou

Vrou se verhaal. Maar dit lyk tog sy leef,

Hoewel sy nog nie praat nie. Net 'n oomblik:

(Tot Perdita.)

Ek smeek u, dierbare dame, kom na vore,

En kniel, en vra u moeder se seën.

(Tot Hermione.)

Vrou, kyk,

Ons Perdita is gevind.

HERMIONE. Kyk neer op ons,

O gode, en giet uit heilige bekers u

Genade op my dogter se hoof! My kind,

My eie, vertel my nou hoe jy gered is,

Waar jy geleef het, hoe jy hierdie hof,

Jou vaderhof, gevind het. Jy sal hoor

Dat ek, toe'k deur Paulina verneem dat die

Orakel hoop gee, dat jy dalk nog leef,

Myself verman het om die uitkoms af

Te wag.

PAULINA. Daar's tyd genoeg, ons hoor dit later;

Of anders word in dié gespanne tyd

U vreugde nog bederf deur sulke verhale.

Gaan almal, dierbare winnaars, gaan nou saam,

En deel met iedereen u vreugde. Ek,

Ou tortelduif, sal 'n verdorde boom

Opsoek, en daar my maat, wat nooit weer kan
Gevind word nie, betreur, tot my tyd ook
Verby is.

LEONTES. Bly nou stil, Paulina! Jy

Sal op my aanwysing 'n man moet vat,
Soos ek op joue weer my vrou gevind het.
Dis ons ooreenkoms, en dit is beëdig!
Jy het my vrou ontdek, hoe, dis die vraag.
Ek het haar dood sien lê, soos ek gemeen het,
En dikwels vrugteloos by haar graf gebid.
Ek hoef nie ver te soek nie – want ek ken
Reeds sy gevoelens – om 'n eerbare man
Vir jou te kies nie. Kom, Camillo, neem
Haar by die hand, sy wat deur eerlikheid
En waarde só hoog aangeskrywe staan,
Ook hier by ons, 'n koningspaar. Kom saam.

(Tot Hermione.)

Wel, kyk net na my broer: Vergewe my
Dat tussen julle suiwer blikke my
Swart argwaan ingedring het. Hier is jou
Skoonseun wat met die hemel se verlot
Verloof is aan jou dogter. Paulina,
Lei ons van hier na 'n plek, waar elkeen vry
Kan vrae stel en antwoord kry oor wat
Gebeur het in die lang tyd wat ons van
Mekaar geskei was. Lei ons haastig daarheen.

Almal af.

Geset in 10 op 12 pt. Garamond Monotype
Gedruk en gebind deur
Nasionale Boekdrukkery Beperk
Elsiesrivier, Kaapland
Eerste druk 1975

